
Julie - Augustus 2006

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 5, No. 4 Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



## Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

# Wanneer sal die EINDE kom?

Ons het al almal tekenprente gesien van 'n koddige ou man in 'n wit kleed wat 'n plakkaat dra wat lui, "Die einde is naby!" Dit laat ons glimlag, en help ons om te besef hoeveel misleide godsdienstige mense voorspellings oor die *einde* van die wêreld gemaak het – *voorspellings wat geheel en al verkeerd was*!

Ons moet *almal* hieruit leer!

Beteken dit egter dat die Skeppergod ***nie*** bonatuurlik ***sal*** ingryp in mensesake nie, of dat Jesus Christus ***nie*** as Koning van konings na die aarde ***sal*** terugkeer soos wat baie Bybelprofesieë duidelik sê nie? Beteken dit dat ons moet ophou om eindtydse profetiese gebeure "dop te hou" terwyl dit reg voor ons oë ontvou?

*Natuurlik nie*!

God se Woord waarsku ons in die besonder teen hierdie dwase benadering: "Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af" (2 Petrus 3:3-4).

Namate die hele patroon van profetiese gebeure, wat ons reeds vir dekades voorspel het, nou duidelik in die prentjie kom, durf ons nie te aanvaar dat "dinge maar net sal voortgaan soos dit altyd was nie!" ***Hierdie keer is dit werklik anders!*** Die "verbreking" van die trots van die mense van Britse afkoms en die Amerikaanse nasie is reeds goed onderweg. Al hoe meer nasies en situasies regoor die wêreld draai teen ons mense en ons planne. Die skrikwekkende stand van sake in die Midde-Ooste word nou byna elke jaar slegter. China en Indië gee die Anglo-Amerikaanse nasies nou al hoe meer kompetisie in wêreldhandel en wêreld-oorheersing. Die waarde van die dollar verswak tans stadig maar seker in verhouding tot ander geldeenhede, en 'n uiters magtige Europese Ryk ***doem reg op die horison***, soos ons vir jare voorspel het.

Daarbenewens word weerverwante rampe al hoe erger en sal *voortgaan om te vererger*! Boonop is die Bybelgeprofeteerde "peste" (Mattheus 24:7) of siekte-epidemies op die punt om hul verskyning te maak. Wat baie mense sal verbaas, is dat die komende verwoesting van afwisselende *droogte, brande, storms, oorstromings* en *aardbewings*, tesame met verwoestende *siekte-epidemies,* nie hoofsaaklik in Bangladesh, Ethiopië en ander "verafgeleë" plekke sal plaasvind nie! Hierdie komende rampe sal eerder die Anglo-Amerikaanse nasies baie meer tref as ooit tevore in die geskiedenis! Baie

gebeure wat *reeds* op die wêreldtoneel plaasvind, ***bevestig*** hierdie profetiese insig ***ten volle.***

Die Bybel openbaar duidelik 'n 6 000 jaar-tydperk waarin die mens sy *eie idees* volg, sonder die Skepper. Dit sal gevolg word deur die duisendjaar heerskappy van Jesus Christus op aarde, waartydens Hy en die herrese heiliges ***letterlik die hele wêreld*** van God se ware weë sal ***leer***. Let op: "Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank" (Openbaring 20:6).

Net nadat God die mens op die aarde geskape het, het Hy die *sewende dag* van die week geseën en geheilig as 'n dag van rus (Genesis 2:1-3). Dit het 'n weeklikse siklus begin waarin die mens vir ses dae moes werk en elke Sabbat moes rus (Eksodus 20:9-10). Die apostel Paulus verduidelik in Hebreërs hoe die Sabbat 'n wonderlike tydperk van vrede voorstel wat sal volg na die huidige tydperk van menslike samelewing op hierdie aarde (Hebreërs 4:3-11).

Die Jode van Jesus se tyd het hierdie beginsel dat elke dag van die week *'n duisend jaar* in God se Plan verteenwoordig, goed verstaan. Petrus het hierdie beginsel verduidelik: "Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag" (2 Petrus 3:8).

***Vervolg op bladsy 27***

# Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik–Wanneer sal die EINDE kom?**
Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Leef u volgens wat Christus onderrig het?** 3
Leef u soos Jesus Christus en Sy Apostels geleef het? Glo en beoefen u wat hulle onderrig het? Baie mense wat hulself Christene noem, het afgedwaal van die geloof van Jesus Christus, sonder dat hulle dit selfs besef!

**Is u ywerig oor die waarheid?** 8
Die grootste tekortkoming in die meeste mense se benadering tot godsdiens is moontlik hul lou en ongeërgde benadering tot die waarheid. Wat sou u sê is *u* benadering tot hierdie lewensbelangrike onderwerp?

**Is seks sonde?** 10
Seks deurtrek ons hedendaagse kultuur. Party mense beskou dit as "verbode vrugte" terwyl ander dit in alle vorme wil ervaar. Wat beteken dit egter vir 'n Christen en watter rol behoort dit in *u* lewe te speel?

**Die ontbrekende "B" woord** 14
Een noodsaaklike aspek van ware Christendom is steeds bykans onbekend en word wyd misverstaan. Is die ontbrekende "B" woord deel van *u* woordeskat?

**Hulpbron-oorloë lê voor!** 19
Ons leef in 'n era van toenemende tekorte wat in Bybelprofesie voorspel is. Wat gaan met ons wêreld gebeur, namate nasies die gebrek aan noodsaaklike hulpbronne in die gesig staar?

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

**Profesie neem gestalte aan** 24

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
Gary F. Ehman
**Streeksredakteurs**
Rod McNair (Filippyne)
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Douglas S. Winnail (Europa)

**Nuusburo**
June Olsen

**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALIë:**
GPO Box 772
Canberra, ACT 2601
Tel: (07) 5546 0472
Faks: (07) 5546 0768

**KANADA:**
P.O. Box 27202
Toronto, Ontario, M9W 6L0
Tel: (905) 671-3730
Faks: (905) 671-9599

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 435 3592

**FILIPPYNSE EILANDE:**
MCPO Box 1774
Makati City 1257, Philippines
Tel: 63-2-813-6538
Faks: 63-2-867-1569

**BRITTANJE:**
P.O. Box 9092
Motherwell, ML1 2YD Scotland
Tel/Faks: 44-1698-263-977

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 7
Hatfield, Pretoria 0028
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Leef u volgens wat Christus onderrig het?

Deur Roderick C. Meredith

**Hoe was die Christenskap van Jesus Christus en die Apostels *werklik*? Sou Jesus selfs die leerstellings en gebruike van die hedendaagse "algemene" Christendom herken?**

Die soort Christenskap waarin u glo en wat u beoefen kan die verskil beteken tussen lewe en dood – veel *gouer* as wat u besef! Jesus Self het 'n ontsaglike Groot Verdrukking voorspel wat so vreeslik is dat "geen vlees gered [sou] word nie", tensy die Almagtige God in mensesake ingryp (Mattheus 24:21-22). Indien u nie Sy ware weë navolg nie, kan u eie lewe en die lewens van u geliefdes op die spel wees.

Ter beskrywing van die Groot Verdrukking wat voor die deur lê, sê Markus se geïnspireerde evangelie: "Want daardie dae sal daar 'n verdrukking wees soos daar nie gewees het van die begin van die skepping af wat God geskape het tot nou toe, en ook nooit sal wees nie. En as die Here dié dae nie verkort het nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes wat Hy uitverkies het, het Hy dié dae verkort" (Markus 13:19-20).

Glo *u* werklik wat die Bybel duidelik en herhaaldelik sê? Indien wel, moet u bedag wees op Jesus se duidelike waarskuwings oor die navolg van ***mense se tradisies***, want Jesus het die godsdiensleiers van Sy tyd met hierdie betekenisvolle woorde bestraf: "So het julle dan die gebod van God kragteloos gemaak ter wille van julle oorlewering. Geveinsdes, tereg het Jesaja oor julle geprofeteer toe hy gesê het: Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is" (Mattheus 15:6-9).

So, om *u ontwil* – en vir die ontwil van die guns van die Ewige God en Sy goddelike beskerming vir u en u geliefdes – is dit absoluut noodsaaklik dat u *nie* die "gebooie van mense" volg ***pleks*** van die gebooie van God nie!

*Kom ek verduidelik.*

Die meeste van u wat lesers van *Die Wêreld van Môre* is, is ongetwyfeld opreg in u begeerte om die ware *doel* in u lewens te vind en te vervul! Teen hierdie tyd, vertrou ek, *verstaan* u reeds dat ons hier by die *Wêreld van Môre nie* deel is van "algemene" Christendom nie. Moontlik besef u dat ons vir 'n *rede* anders is. U besef dalk ook dat die meeste van ons in hierdie Werk in algemene kerke grootgeword het en die gebruike van die gemiddelde kerkganger gehad het. Uiteindelik het ons *vir onsself bewys* dat ons "uit" hierdie stelsel moes kom ten einde die ware God van die Bybel te gehoorsaam en te dien. Die meeste van ons moes familie, vriende of werk opoffer ten einde dit te doen.

*Waarom?*

Omdat ons tot die besef gekom het dat Jesus Christus beslis daarop aandring dat ons *Sy* ware Christenskap navolg, *nie* sommer enige vals Christenskap of ander godsdiens waarin ons toevallig grootgeword het nie. Ons het tot die besef gekom dat God se geïnspireerde woorde werklik diegene *verdoem* wat Christus se eie *naam* op allerlei soorte heidense leerstellings en gebruike plaas wat hulle op 'n manier saamgeflans het. Die Jesus Christus van u Bybel daag Sy volgelinge herhaaldelik *op baie verskillende wyses* uit: "En *wat* noem julle My: Here, Here! en doen *nie* wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46).

Terwyl ek grootgeword het in 'n "algemene Christenkerk", Sondagskool toe gegaan het en selfs klaskaptein was van my Sondagskoolklas, het ek nie besef hoe *absoluut noodsaaklik* dit is dat almal wat hulself "Christene" noem, bereid moet wees om Christus se duidelike en deurlopende leringe **te gehoorsaam**, *hul lewens moet oorgee* en waarlik moet streef om te "[**lewe**] van elke woord van God" nie (Lukas 4:4). Jesus Christus *dring daarop aan*! Die meeste van u wat hierdie artikel lees, wil Christus en God die Vader eer. In die verlede het u moontlik gevoel, soos ek ook gevoel het, dat u die God van die Bybel *gehoorsaam*. Tog, indien u eerlik en deeglik "ondersoek instel" – soos ek persoonlik moes doen – sal u waarskynlik vind dat u in talle leerstellings en begrippe geglo het wat *hoegenaamd geen grondslag* in die Bybel het nie. Eweneens sal u vind dat u – moontlik onwetend – allerlei soorte **heidense** gebruike en gewoontes nagevolg het wat Jesus en die oorspronklike Apostels *sou verdoem het*!

**Keer terug na die WAARHEID!**

Die apostel Paulus waarsku die Christene van sy tyd: "Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan. Daarom moet julle waak en onthou dat ek drie jaar lank nag en dag nie opgehou het om elkeen met trane te vermaan nie"

(Handelinge 20:29-31).

Liewe vriend, om *u eie ontwil*, **dink asseblief na** of *u* waarlik die "*hele raad van God*" navolg, waarna Paulus net vroeër in sy geïnspireerde skrywes verwys het! Die meeste van u verstaan verseker 'n gedeelte van die Bybel, 'n gedeelte van Christus se ware leringe – en miskien 'n *klein deeltjie* aangaande profesie en die ontsag-wekkende **doel** waarvoor God u geskep het. Om Jesus egter net te "aanvaar," by die kerk om die hoek aan te sluit en te hoop om "hemel toe te sweef" wanneer u te sterwe kom, is **nie** waaroor *ware* Christenskap gaan nie! Die meeste mense wat hulself "Christene" noem, is **nooit** geleer wat die volle **doel** van die mens se bestaan is nie! Dit is *noodsaaklik* dat u die "hele raad" van die Almagtige God ten volle verstaan en navolg (Job 15:8; Handelinge 20:27).

Ons het pas Paulus se waarskuwing gelees dat "wrede wolwe" sou inkom en baie "weg ... trek" van die Waarheid van God. Paulus het God se mense ook dringend gewaarsku oor 'n groot "afval" (2 Tessalonisense 2:1-12). Hy skryf: "Want die *verborgenheid* van die **ongeregtigheid** is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die **ongeregtige** geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak" (verse 7-8).

Wat bedoel Paulus met "ongeregtigheid"? Paulus het 'n godsdiensstelsel beskryf – die "*verborgenheid van die* **ongeregtigheid**" **–** wat stadig maar seker die *naam* van Christendom oorgeneem het en Christus se leringe en gebruike verdraai het om mense te oortuig om God se *groot geestelike wet* te verlaat!

Bykans alle gerespekteerde algemene geskiedkundiges weet dat daar 'n *reuse verandering* oor die belydende Christenkerk gekom het binne 'n eeu nadat Christus en die oorspronklike Apostels te sterwe gekom het. Een geskiedkundige skryf: "Vir vyftig jaar na Paulus se lewe hang daar 'n gordyn oor die kerk waardeur ons tevergeefs probeer kyk; en wanneer dit uiteindelik lig, ongeveer 120 n.C. met die skrywe van die vroegste kerkvaders, vind ons 'n kerk wat in vele opsigte baie verskil van die kerk in Petrus en Paulus se dae" (Jesse Lyman Hurlbut, *The Story of the Christian Church*, bl. 41).

Op *wie se gesag* het die vroeë biskoppe hierdie drastiese veranderinge gemaak? Het God of Jesus Christus vir hulle gesê om die ware kerk ***baie anders*** te maak as die oorspronklike kerk van Christus en die Apostels?

*Glad nie*!

Selfs *na* Sy dood, het Jesus vir die Apostels gesê: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om **alles** te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die **voleinding** van die wêreld" (Mattheus 28:19-20).

Op *wie se gesag* het die sogenaamde "kerkvaders" weggedoen met die leringe van Jesus Christus en die oorspronklike Apostels – en diegene wat dit nagevolg het bykans **vernietig**? Die ware antwoord is dat hulle *geen sodanige gesag gehad het nie*! Dit is waarom God die apostel Judas geïnspireer het om ware Christene te vermaan: "Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe *te vermaan* om **kragtig te stry** *vir die geloof wat eenmaal* aan die heiliges oorgelewer is. Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die *genade* van onse God verander in **ongebondenheid,** en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën" (Judas 3-4).

Judas vertel ons dat ons letterlik moet "stry" – *baklei* – vir die "geloof wat *eenmaal* aan die heiliges oorgelewer is." Hy waarsku teen sekere manne wat "ingesluip" het om die begrip van genade te verander in "ongebondenheid" – in 'n lisensie vir misleide mense om te dink dat hulle ongehoorsaam kan wees aan God se groot geestelike **wet** en steeds op die een of ander wyse in God se Koninkryk kan kom!

Dit, my vriende, is presies wat die meeste "algemene" Christene vandag glo. Baie kerke ***praat*** oor die Tien Gebooie as 'n goeie algemene riglyn, maar wanneer jy hulle in 'n hoek dryf, sal die meeste algemene leraars sê dat 'n Christen **nie** *verplig* is om die Tien Gebooie as 'n leefwyse te handhaaf nie! Dit is *een rede* waarom God Judas geïnspireer het om ons te vermaan om te stry vir die ware geloof wat "*eenmaal* aan die heiliges oorgelewer is."

**HERSTEL ware Christenskap!**

Wat sou dit beteken om die **oorspronklike** Christenskap van Christus en die Apostels te herstel? Watter verskille sou ons sien indien die "oorspronklike Christenskap" van die Nuwe Testament werklik weer onderrig en beoefen word?

***Sjoe***! Hierdie herstel sou *veel meer* behels as wat die meeste van u moontlik besef! Want, soos ons uit die geskiedenis gesien het, teen 120 n.C. vind geskiedkundiges 'n belydende kerk wat "in vele opsigte **baie verskil** van die kerk in Petrus en Paulus se dae."

Gerespekteerde geskiedkundige, Will Durant, skryf: "Christendom het nie heidendom vernietig nie; maar dit aangeneem. Die Griekse verstand, wat

sterwend was, het oorgegaan tot lewe in die teologie en liturgie van die Kerk; die Griekse taal, wat vir eeue oor filosofie geheers het, het die werktuig van Christenliteratuur en rituele geword; die Griekse misterieë is deurgegee aan die indrukwekkende misterie van die Mis. Ander heidense kulture het bygedra tot die sinkretistiese gevolg. Van Egipte het die idees gekom van 'n goddelike drie-eenheid ... en 'n persoonlike onsterflikheid van beloning en straf; van Egipte die verering van die Moeder en Kind en die mistiese teosofie wat Neoplatisme en Gnostisisme meegebring en die Christelike credo verskuil het ..." (*The Story of Civilization*, Vol. 5, Durant, bl. 595, 599).

Vir honderde jare gedurende die Middeleeue, was die ware Christendom van Christus en die Apostels waarlik "verskuil". Mense het verkeerdelik, ***in Jesus se naam***, 'n *heel verskillende* leefwyse en benadering tot God onderrig. Vals leraars het die oorspronklike Heilige Dae – wat deur God beveel is en deur Christus en die Apostels onderhou is – met **heidense** dae en wêreldse begrippe vervang. Soos geskiedskrywer Jesse Lyman Hurlbut skryf: "Die vorms en seremonies van heidendom het geleidelik in die aanbiddingsdienste ingesluip. Party van die ou heidense feeste het kerkfeeste geword met verandering in naam en aanbidding. Rondom 405 n.C. het beelde van heiliges en martelare in kerke begin verskyn, eers as herdenkings en toe in volgorde vereer, gelief en aanbid" (*The Story of the Christian Church*, bl. 73).

Op daardie tyd het vals Christene geleidelik "heidense feeste", soos Kersfees, Paasfees en Allerheilige dag in die belydende Christenkerk ingebring. Maar wat van die vierde gebod van die Almagtige God? Wat van die beveelde *weeklikse* dag van rus en aanbidding? "Solank die kerk meestal Joods gebly het, is die Hebreeuse Sabbat onderhou, maar namate dit al hoe meer nie-Joods geraak het, het die eerste dag geleidelik die plek van die sewende dag ingeneem" (*ibid*., bl. 45).

Was dit God se idee? Het God *geleidelik* Sy goddelike wet verander sodat Sy aanbidders die "dag van die Son" – *Sondag* – kon eer, soos die **heidene** vir eeue gedoen het?

*Glad nie*!

Soos talle gesaghebbendes erken, die ware Christene – Grieke en Jode eweneens – het **almal** op die sewendedagse Sabbat aanbid. Geskiedkundiges stem saam dat dit vir ten minste 'n geslag of twee na die dood van die Twaalf Apostels voortgeduur het! God het *nie* Sy wet verander nie.

Die apostel Paulus gee Christene die opdrag: "Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is" (1 Korinthiërs 11:1). Die apostel Johannes neem waar: "Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het" (1 Johannes 2:6).

Hierdie twee Apostels, soos al die ander, het geweet dat Jesus Christus gekom het om die volmaakte **voorbeeld** te stel en dat Christene *Sy voorbeeld behoort te volg*, versterk deur die Heilige Gees. Dit was die algemene begrip in die apostel Paulus se tyd, namate Christendom oor die Romeinse Ryk versprei het. Geskiedskrywers erken hierdie feit, soos die volgende betekenisvolle aanhaling ons herinner:

"Oral, veral in die Ooste van die Romeinse Ryk, sou daar Joodse Christene wees wie se uitwaartse leefwyse nie merkbaar anders as dié van Jode was nie. Hulle het as vanselfsprekend aanvaar dat die evangelie aaneenlopend was met [die godsdiens van Moses]; vir hulle het die Nuwe Verbond, wat Jesus met die Laaste Avondmaal met Sy dissipels ingestel het ... nie beteken dat die verbod wat God met Israel gesluit het, nie meer van krag was nie. Hulle het steeds die feeste van Pasga, Pinkster en die Loofhuttefees gevier ... die weeklikse Sabbat en die Mosaïese regulasies rakende kosse. Volgens party geleerdes moes hulle so sterk gestaan het dat hulle tot en met die val van Jerusalem in 70 n.C. die dominante element in die Christenbeweging was (*Judeo-christianisme*, "*Paul and Jewish Christianity*," Davies, 1972, bl. 72, aangehaal in Bacchiocchi, *From Sabbath to Sunday*, bl. 151).

Vir ongeveer die eerste 40 **jaar** van Christenskap, gelei deur die Heilige Gees, het die ***dominante element*** in die Kerk van God dus steeds Christus se voorbeeld gevolg van viering van die weeklikse en jaarlikse Sabbatte wat deur God beveel is. Christene het steeds die voorbeeld gevolg wat deur die Jerusalem Kerk van God gestel is!

Wie het **durf waag** om dit alles te verander?

**Wat het die oorspronklike Christenskap behels?**

Die geïnspireerde apostel Paulus sê vir die Efesiese opsieners: "Want ek het nie nagelaat om aan julle die **hele** raad van God te verkondig nie. Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die **gemeente van God** te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het" (Handelinge 20:27-28).

Indien enigiemand op die "**gemeente van God** wat in Korinthe is**"** – soos Paulus die kerk aangespreek het – kon inloer, watter ***leefwyse*** sou 'n mens kon waarneem onder hierdie Griekse Christene? Watter wette van God en Bybelse leringe sou uitstaan as ***anders*** as die algemene "Christendom" soos dit vandag beoefen word?

Eerstens, net om bloot teenwoordig te wees by die vroeë Christene wanneer hulle byeengekom het, sou 'n mens die nodigheid moes verstaan om **al tien** van die Tien Gebooie te onderhou **–** insluitend die **vierde** gebod. Die vierde gebod sê immers: "Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die **sewende dag** is die sabbat van die HERE jou God; *dan* mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, *of* jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie" (Eksodus 20:8-10).

Hierdie gebod, meer as enige van die ander, herinner die gelowige dat die *ware* God, die **Skepper** is. God het die ***sewende*** dag "heilig" gemaak **– nie** Sondag, die ***eerste*** dag van die week nie. Hy het dit gedoen *ten tye van die skepping* – lank *voordat* daar enige Jode was, want die Sabbat is **nie** vir die Jode gemaak nie! Jesus Self sê: "Die sabbat is gemaak vir die **mens**" (Markus 2:27). Dit is gemaak *toe* mense gemaak is en later is dit deel gemaak van die geestelike wet in kodevorm – die Tien Gebooie – wat God Self op twee kliptafels geskryf het (Eksodus 34:28).

Gereelde aanbidding op die sewende dag – die dag wat begin met wat ons vandag Vrydag sononder noem, en deurloop tot en met sononder Saterdag – het vroeë Christene altyd bewus gehou daarvan dat die ware God die Skepper van die hemel en aarde was, wat die Tien Gebooie gegee het ten einde te onthul wat die grondslag van die **regte leefwyse** is! Die vroeë Christene het ***ook*** die sewe ***jaarlikse*** Heilige Dae – sewe jaarlikse feeste wat regstreeks in die Bybel beveel word – onderhou, want Christus en die Apostels het Christene geleer om "van **elke** woord wat deur die mond van God uitgaan" te leef (Mattheus 4:4, Lukas 4:4) – en die enigste geskrewe woord van God wat toe beskikbaar was, is wat ons die Ou Testament noem. Uit die Ou Testamentiese boek, Sagaria, kon die vroeë Christene gelees en verstaan het dat wanneer die Messias na die aarde terugkeer as Koning van die konings, Hy **alle** nasies – Jode **en** Heidene – sou lei om die Loofhuttefees te onderhou, een van die sewe jaarlikse feeste wat God Sy mense beveel om te onderhou.

Soos Sagaria skryf: "En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die *huttefees* **te vier**" (Sagaria 14:16). Dan gaan die profeet voort om ons te vertel dat God die **reën** sal weerhou van *enige* nasie wat weier om die Loofhuttefees te vier! Dit, my vriende, gaan gebeur gedurende die eerskomende regering van Jesus Christus!

Klink dit asof die *ware* Christus van u Bybel ernstig is wanneer Hy gehoorsaamheid aan God se Wette beveel? Ja, dit doen! En "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid" (Hebreërs 13:8). Is *u* bekend met daardie aspek van die Bybelse Jesus Christus?

Sou 'n mens die oorspronklike Christene in Korinthe ontmoet het, sou jy ook opmerk dat hulle ***nie*** Paasfees gevier het nie. Hulle het eerder die *Pasga* en Dae van Ongesuurde Brode gevier, twee van God se beveelde jaarlikse vieringe (1 Korinthiërs 5:6-8). Nadat Paulus hulle daaraan herinner het dat Jesus Christus as ons Pasgalam geoffer is, beveel hy die Christene te Korinthe: "Laat ons dan **feesvier**" (vers 8). Aangesien Paulus se hele samehang hier die Pasga en Ongesuurde Brode behels, is dit duidelik dat hy hierdie *Griekse Christene* vermaan om die Fees van Ongesuurde Brode te onderhou – die Fees wat onderhou word in verband met, en pas na afloop van, die Pasga!

Indien ons gereeld saam met die vroeë *Kerk van God* te Korinthe vergader het, sou ons ook hoor hoe een van die ouderlinge Paulus se eerste brief aan hulle lees, waarin hy geskryf het "Maar ek sal in Éfese bly tot **Pinkster** toe" (1 Korinthiërs 16:8).

Pinkster? Moontlik het u gedink dat Pinkster 'n eenmalige gebeurtenis was toe die Kerk begin het, toe Petrus vir 'n reuse skare gepreek het en 3 000 mense bekeer is (Handelinge 2).

Nee. Pinkster is ook een van die sewe jaarlikse feeste wat die vroeë Christene onderhou het. Hierdie feeste dui op en help ons om die grote **Plan** wat God hier op aarde uitwerk, te gedenk. Sonder om hierdie ware *Bybelse* Heilige Dae te onderhou – wat Christus en die vroeë Kerk onderhou het – is die meeste van vandag se kerkgangers in totale onkunde oor die **Plan** wat God vandag onder die mensdom uitwerk. Ons het 'n deeglik gedokumenteerde boekie opgestel wat hierdie Godgegewe feeste en hul betekenis *ten volle verduidelik*, met die titel *Die Heilige Dae: God se Meesterplan*. Skryf asseblief vir u gratis eksemplaar.

## 'n OORSIG van God se PLAN

God se sewe jaarliks beveelde feeste leer ons *hoe* Hy Sy doel onder die mensdom uitwerk. Eerstens fokus die Pasga duidelik op Jesus Christus as die "Lam" van God. Dit is die *eerste stap* vir ware Christene – *bekering* van sondes en *aanneming* van Jesus Christus as Verlosser en Here. Dan volg die Dae van Ongesuurde Brode, waarin die aksie van die "uitsit van suurdeeg" fokus op die volgende stap in ware Christenskap – die absolute noodsaaklikheid om sonde *uit* ons lewens te verwyder, om "toe [te] neem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus" (2 Petrus 3:18).

God se derde beveelde jaarlikse fees is *Pinkster* –

of, soos dit in die Ou Testament genoem word – die Fees van "Eerstelinge" (Eksodus 23:16; 34:22). Soos Ou Testament-geleerdes weet, vier hierdie fees die lente garsoes – die *klein* oes. Dit herinner ons daaraan dat God nou net die "eerstelinge" van saligmaking oes, want die *groot* oes van siele sal plaasvind gedurende Christus se duisendjarige heerskappy en gedurende die *Groot Laaste Oordeel*. Pinkster herinner die ware Christen aan die behoefte vir God se *mag* deur Sy Gees en van Sy *seën* op die klein getal mense wat Hy nou uit hierdie misleide wêreld uitroep.

Die laaste vier jaarlikse Heilige Dae vind almal in die sewende maand plaas – sewe is die getal van "voltooiing" of *volmaaktheid*. Die fees van "Basuingeskal" is God se fees wat op die eerste dag van die sewende maand plaasvind. Antieke Israel het basuine gebruik as 'n sein of *oorlogalarm*! Die ganse Bybel is vol teksverse wat vir ons toon dat Jesus Christus na die aarde sal terugkeer met die "laaste basuin" (1 Korinthiërs 15:52; Open-baring 11:15). Daarom herinner hierdie fees Christene jaar na jaar van hierdie noodsaaklike deel van God se Plan – Jesus Christus se Wederkoms en Sy vestiging van die Koninkryk van God oor die ganse wêreld!

Die Versoendag volg dan, op die *tiende dag* van die sewende maand. Dit beeld Satan se *verbanning van die aarde* uit na Christus se Wederkoms. Die ganse wêreld sal dan tot die volle kennis van die Waarheid gebring word en Satan se teenwoordigheid en mag om "*die nasies* te **verlei**" (Openbaring 20:1-3), sal tot 'n einde kom.

Dan volg die vreugdevolle en opwindende Loofhuttefees, wanneer "al die nasies ... jaar na jaar optrek ... om die huttefees te vier" (sien Sagaria 14:16-19). Hierdie fees word ook die "Fees van Insameling" genoem (Eksodus 23:16). Dit beeld die tyd uit wanneer God uiteindelik Sy hand sal uitreik om *al* die nasies van die aarde te "red" en alle volke rondom die aarde onder Christus se heerskappy sal leef, regdeur hul lewens sal leer en leef volgens die Waarheid.

Wat egter van al die **miljarde** mense wat gesterf het sonder om **ooit** waarlik deur God "geroep" te gewees het – wat nooit waarlik God se manjifieke plan en die *opperdoel* vir menslike bestaan verstaan het nie? *Dit* is wat God se sewende jaarlikse fees uitbeeld. Hierdie fees – die "Laaste Groot Dag" – beeld daardie tyd uit wat in Openbaring 20:11-13 beskryf word wanneer *elke* mens wat nog ooit geleef het 'n **ware** geleentheid sal kry om die Waarheid te leer en daarop te reageer. God is *nie* onregverdig nie! Hy beskryf 'n komende "oordeelsdag" wanneer selfs die slegte Sodom en Gomorrah 'n kans sal kry wat hulle nooit tevore gehad het nie (Mattheus 11:20-24).

Deur dus God se Heilige Dae te onderhou en deur hierdie dae van God se groot Plan te leer en dit te hersien, sou die oorspronklike Christene die groot *doel* verstaan het wat ons Skepper onder die mensdom uitwerk.

**WAAROM die weeklikse Sabbat?**

Elke mens *moet* waarlik een dag in 'n week hê waarop hy waarlik kan *rus* en die geleentheid kan hê om oor lewenslesse te mediteer en dit te oordink. Soos ons gesien het, "die sabbat is *gemaak vir die mens*" (Markus 2:27). Dit is gemaak *toe* die mens gemaak is – *lank voor* die ou verbond en lank voordat die Jode selfs as 'n volk bestaan het. Dit is geskep vir *alle* mense. Die weeklikse Sabbat is ook gegee as 'n "samekoms" – 'n *beveelde vergadering* (Levitikus 23:1-3). Die Bybel sê dat in die Wêreld van Môre, wanneer Christus ten volle in beheer sal wees as Koning van konings: "Elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE" (Jesaja 66:23). Ware Christene is vandag in 'n sekere sin "pioniers" wat bereid is om God se leringe te leer en te gehoorsaam en om die dae wat Hy heilig *gemaak* het, heilig te hou. Die God van die Bybel vertel ons selfs hoe om op Sy Sabbat "saam te kom" en die skrywer van Hebreërs herinner diegene van ons wat in die laaste dae leef: "En laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom" (Hebreërs 10:24-25).

Weet *u* egter ***waar*** om byeen te kom met mense wat *waarlik verstaan* waaroor dit alles gaan?

'n Derde les wat die Bybelse sewendedag Sabbat ons leer, is dat dit 'n *voorbeeld* is van die komende Millennium – die heerskappy van Jesus Christus oor die aarde vir eenduisend jaar. Baie wêreldse geskiedkundiges ag Edward Gibbon se *Decline and Fall of the Roman Empire* as die beslissende geskiedenis van die Romeinse Ryk se latere jare. Ter beskrywing van die vroeë Christene, skryf Gibbon: "Die antieke en gewilde leerstelling van die Millennium was nou verbind met die tweede koms van Christus. Net soos die werke van die skepping in ses dae voltooi is, is hul bestaan in hul huidige staat, volgens 'n tradisie wat aan die profeet Elia toegeskryf word, vir sesduisend jaar vasgestel. Volgens dieselfde vergelyking is daar afgelei dat hierdie lang tydperk van arbeid en twis, wat nou bykans verstreke is, opgevolg word deur 'n blye Sabbat van eenduisend jaar; en dat Christus, met die seëvierende groep heiliges en die uitverkorenes wat die dood vrygespring het, of wat wonderbaarlik opgewek is, op aarde sou regeer tot die aangewese

***Vervolg op bladsy 27***

# Is u ywerig oor die waarheid?

Deur Roderick C. Meredith

Die grootste tekortkoming in die meeste mense se benadering tot godsdiens is moontlik hul lou en ongeëergde benadering tot die waarheid. Sommige van u mag dit in hierdie wêreld van "politiese korrektheid," van meeloop met hierdie wêreld se samelewing van "geen vaste waardes nie, as baie onbelangrik ag." Om die volle waarheid te leer, dit te verkondig en uit te leef, is egter ***ontsaglik*** belangrik vir die God van die Bybel!

Stel u belang in wat die groot God van die Bybel sê aangaande hierdie lewensbelangrike onderwerp?

Ons by *Die Wêreld van Môre* wil u die **waarheid** leer! Enigiets minder as dit, is werklik ***gevaarlik*** – glo dit as u wil. Jesus Christus van die Bybel sê: "God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid." (Johannes 4:24). Hy sê dat as *u*, persoonlik, die ewige lewe wil beërwe, dan moet u God in waarheid aanbid!

Wat is die uiteindelike waarheid waarom ons gebore is, die doel van die lewe en hoe om daardie opperdoel te bereik? Jesus sê: "U woord is die **waarheid**" (Johannes 17:17). Jesus Christus Self het gesê dat die *Bybel* – God se Woord – die opperste **waarheid** van ons Skepper **is**. Hy sê ook: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van **elke** *woord van God*" (Lukas 4:4).

Jesus het regdeur Sy bediening gereeld daardie boeke van die Bybel, wat ons vandag die Ou Testament noem, erken as "Skriftuur" – as die geïnspireerde woord van God. Met verwysing na die Ou Testament het Hy aan die Jode gesê: "Is daar nie in julle wet geskrywe: Ek het gesê, julle is gode nie? As dit húlle gode noem tot wie die woord van God gekom het, en die *Skrif* **nie** *gebreek kan word nie* ..." (Johannes 10:34-35). Jesus het dit dus baie duidelik gemaak dat die Ou- en Nuwe Testamente – wanneer dit reg verstaan word – mekaar *nie* weerspreek nie. Dit is omdat die Nuwe Testament bloot 'n uitbreiding of "vergroting" van die Ou Testament is (Jesaja 42:21).

Mense vandag "verwerp" in werklikheid die Bybel – moontlik sonder dat hulle dit besef – in terme van wat hulle werklik *glo* en *beoefen* in hul belydende "Christelike lewens". "Algemene Christelikheid" het deur die eeue heen tallose **vals** idees ontwikkel, begrippe en praktyke wat *totaal teenstrydig* is met die duidelike leringe van die Bybel! In byna elke uitgawe van *Die Wêreld van Môre*-tydskrif, toon ons dit duidelik aan uit die Bybel self. Ons wil ons lesers opreg help om die volle waarheid te leer van wat die Bybel werklik sê. Ons vra u om dít wat ons sê, vir uself – *reg uit u eie Bybel* – te **bewys**! Dit is omdat die waarheid vir God **baie** belangrik is! Die apostel Paulus is geïnspireer om 'n groot vals godsdiensstelsel te beskryf – 'n stelsel wat die hele wêreld sou mislei – wat "alreeds aan die werk was" toe hy 2 Tessalonicense 2:7 geskryf het. Hy het geskryf dat hierdie vals godsdiens sou kom "met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie" (vers 10). Die Bybel voorspel dat hierdie stelsel homself binnekort met groot krag gaan vestig en die belydende Christenwêreld wesenlik gaan oorneem! U lewe of **dood** is op die spel! *Verstaan asseblief*!

Deur van Paulus se geïnspireerde sinsdeel gebruik te maak: Het *u* "die **liefde** tot die *waarheid*"?

God se Woord wys dat die meeste mense meegesleur gaan word deur "die krag van die dwaling ..., om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die **waarheid** nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid" (2 Thessalonicense 2:11-12). Paulus is ook geïnspireer om ons in die laaste boek wat hy geskryf het, te waarsku: "... want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die **waarheid** en hulle sal wend tot fabels" (2 Timotheus 4:3-4).

Dit is 'n hoofrede waarom Paulus Christene vroeër onderrig het: "Lê jou daarop toe om jou tot beskikking van God te stel as 'n arbeider wat die goedkeuring van God wegdra, 'n arbeider wat hom vir sy werk nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid suiwer verkondig" (2 Timotheus 2:15, NV). Almal van ons moet God se

geïnspireerde Woord werklik bestudeer – dit nie net ongeërg lees of slegs 'n paar sentimentele stukkies lees vir vertroosting nie. Ons moet ons laksheid laat vaar en uitvind wat ons **Skepper** ons in Sy instruksiehandleiding – die Bybel – vertel!

Die *U.S. News & World Report* het 'n paar jaar gelede 'n deeglik nagevorsde artikel gepubliseer oor "Geloof in Amerika." Die skrywer het, nadat hy 'n paar studies en meningsopnames aangehaal het, gesê: "Intussen glo meer as drie uit vier Amerikaners dat alle gelowe ten minste 'n paar elemente van die waarheid bevat – hoewel min sê dat hulle veel van ander gelowe behalwe hul eie weet. Bykans 70 persent van mense dink dat geestelike ondervindinge die heel belangrikste deel van geloof is. 'As iemand se geloof meer oor indiwiduele identiteit as oor leerstelling en geloofsbelydenis gaan, is dit baie makliker om toegeeflik te wees,' sê Egon Mayer, 'n sosioloog aan die *Graduate Center* van die stadsuniversiteit van New York. Gallup sê die graad van godsdiensverdraagsaamheid weerspieël gedeeltelik, 'nie slegs 'n onkunde aangaande ander gelowe nie maar ook 'n onkunde aangaande eie geloof.' Hy sê dat in party meningsopnames daar 'Christene is wat sê, "Ja, Jesus is die enigste weg" en ook: "Ja, daar is baie paaie wat na God ly." Dit is nie dat Amerikaners in niks glo nie; ***hulle glo alles***'" (6 Mei 2002).

In plaas daarvan om in hierdie tipe verwarring te verval, moet ons **ywerig** wees om onsself te motiveer om uit te vind *wat die Bybel werklik sê*. Onthou asseblief hierdie grondbeginsel in elke aspek van u lewe: "*Doen met* **toewyding** *alles wat jou hand vind om te doen*, want in die doderyk waarheen jy op pad is, is daar nie werk of insig of kennis of wysheid nie" (Prediker 9:10). Onthou hoe God se Woord die Christene van Beréa aangeprys het omdat hulle werklik die waarheid **bestudeer** en vir hulself **bewys** het deur *gereelde, toegewyde Bybelstudie*: "Die mense daar was ontvankliker as dié in Tessalonika. Hulle het met groot belangstelling na die woord geluister en elke dag die Skrif ondersoek om te sien of dit is soos Paulus sê" (Handelinge 17:11).

Vra uself asseblief: "Hoeveel uur per week bestee ek daaraan om televisie te kyk?" Vra dan: "Hoeveel uur per week bestee ek daaraan om werklik die Bybel ***te bestudeer*** – die geïnspireerde openbaring en instruksiehandleiding van my Skepper?" U eerlike antwoorde op hierdie belangrike vrae sal moontlik baie insiggewend wees!

Die punt is dat ons Skepper dit van ons verwag om **ywerig** te wees in ons soeke na die waarheid! Vir *u eie onthalwe*, moet asseblief **nie** ongeërg aanvaar dat "alle gelowe dieselfde is" of dat "die meerderheid altyd reg is" nie. **Dink**! *As* die meerderheid altyd reg is, dan moet ons nie enigsins Christene wees nie. Dit is omdat sowat twee-derdes van alle mense *hulself* nie eers Christene *noem nie*.

Dit is waarom Jesus Christus sê: "Gaan deur die nou poort in. Die poort wat na die verderf lei, is wyd en die pad daarheen breed, en dié wat daardeur ingaan, is baie. Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en dié wat dit kry, is min" (Mattheus 7:13-14). Dit is waarom die apostel Paulus geskryf het: **"... toets** dit alles, behou wat goed is" (1Thessalonicense 5:21).

My vriende, ons moet *selfs meer* opgewonde raak om die ware weg na die ewige lewe te leer as oor wie die laaste rugbywedstryd of gewildheidskompetisie gewen het! Dit mag vanselfsprekend klink, maar *baie min* mense het hul prioriteite in orde – selfs al is hul ewige lewe ter sprake.

Ons moet *almal* leer om *ywerig* te wees – om naarstigtelik te wees – in ons soeke na God, om die waarheid te soek en daarvolgens te handel. In sy laaste brief het die apostel Petrus geskryf: "Daarom, broers, moet julle julle des te meer daarvoor **beywer** om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het. As julle hierdie dinge doen, sal julle nooit struikel nie. En dan sal daar vir julle vrye en feestelike toegang wees tot die ewige koninkryk van ons HERE en Verlosser, Jesus Christus" (2 Petrus 1:10-11).

*Waarom* glo u die dinge wat u glo? Is dit omdat u *eerlik* en **ywerig** die Bybel met 'n oop gemoed bestudeer het om die geopenbaarde waarheid te vind? Mag God *u* van vandag af help om presies dít te doen. Namate hierdie huidige samelewing om ons begin verbrokkel en namate kragtige gebeure wat in die Bybel voorspel is begin om al hoe vinniger te ontvou, *skuld u dit aan uself* en aan u geliefdes om die basiese dinge van die lewe te **bestudeer** en dit werklik te **bewys**. Leer om **ywerig** te wees oor daardie dinge wat werklik saak maak! WvM

# Is seks sonde?

Deur Richard F. Ames

**Tallose miljoene mense in ons seks-behepte tyd soek na elke moontlike vorm van seksuele bevrediging. Wat staan 'n Christen te doen?**

Gewilde televisieprogramme soos "*Desperate Housewives*" en "*Sex In the City*" maak van seksuele immoraliteit vermaaklikheid. Ontrouheid word afgemaak as 'n grap en seksuele losbandigheid as die norm. Die eens algemene begrip van "verbode" vrugte – dat sekere aktiwiteite, hoe genotvol ook al in die kort termyn, egter immoreel is – word vandag deur miljoene mense as verouderd afgemaak. Selfs ou standaarde aangaande die huwelik verkrummel, namate miljoene mense in "oop" huwelike leef – terwyl andere streef om die betekenis van die huwelik self te herdefinieer.

Waar pas seks in die prentjie? Is dit "sondig" vir twee gewillige volwassenes om fisieke gemeenskap te deel?

Is daar objektiewe standaarde van sondigheid wat vandag nog van toepassing is? Wie is bekwaam om sondige gedrag en gesindhede te definieer? Is daar enige rede om in ons moderne tyd, na te volg wat die Bybel onderrig? Indien wel, wat gebeur met diegene wat die Bybelse standaarde verontagsaam?

Vanuit 'n historiese oogpunt, sien ons dat, wanneer mans en vroue egbreuk pleeg en ontrou is in hul huwelike, die gesinsband daaronder lei. Op die hoogtepunt van die Romeinse Ryk, is sterk klem gelê op die gesin, maar hierdie klem het later verskuif namate die Ryk agteruitgegaan het. Geleerdes het die agteruitgang in karakter en moraliteit wat bygedra het tot die Ryk se ondergang geboekstaaf. Geskiedskrywer, E. B. Castle, skryf dat benewens die probleem van die afwesigheid van sakemanne in hul gesinne, 'n ander probleem bygedra het tot die ondergang – "die gevolglike gemaklike houding teenoor die huweliksband, die toenemende gereeldheid van egskeiding en die groeiende vryheid en laksheid in vroue se moraliteit, wat alles bygedra het tot die verslapping van die ou gesinseenheid waarin die beste van Romeinse karakter sy oorsprong gehad het" (*Ancient Education and Today*, bl. 119).

Sal ons moderne samelewing die patroon van Rome se verval navolg? Die Romeinse filosoof, Senaca, wat in die eerste eeu n.C. geskryf het, maak die opmerking dat in sy dae "sommige edel dames nie die jare van hul lewens getel het volgens hul aantal konsuls nie, maar volgens dié van hul mans, noudat hulle hul huise verlaat om met ander te trou en dit nét ten einde wéér te kan skei... Egskeiding was net gevrees gedurende die tyd dat dit buitengewoon was; noudat geen staatskoerant daarsonder verskyn nie, leer vroue om te doen wat hulle so baie van hoor. Kan enigiemand skaam voel oor egbreuk, noudat dinge so 'n wending geneem het dat 'n vrou glad nie 'n gade hou tensy dit is om haar minnaar te prikkel nie? Reinheid impliseer slegs haatlikheid" (*On Benefits*, Boek III, xvi).

Mans word ook verlei deur die valse beloftes van owerspel. Met toenemende toegang tot geboortebeperking en die vrylike beskikbaarheid van aborsie op aanvraag, het seksuele aktiwiteite in die afgelope paar dekades toegeneem namate beide mans en vroue begin glo het dat hulle die gevolge van sulke aktiwiteite kan vermy. Selfs die massamedia dra by tot die kultuur van immoraliteit wat baie geruïneerde lewens meebring. Miljoene mense bly in gebreke om die eenvoudige Bybelse vermaning ernstig op te neem: "Jy mag nie egbreek nie" (Eksodus 20:14). Indien almal egter hierdie bevel – die sewende van die Tien Gebooie – sou handhaaf, sou lewens baie gelukkiger en die samelewing baie meer stabiel gewees het.

Net soos God die Skepper van die natuurwette is wat materie beheer, is Hy ook die Wetgewer wie se geestelike wette ons lewens regeer. ***Hy*** bepaal wat sonde is (1 Johannes 3:4). Ons sal met

iemand die spot dryf wat probeer om die wet van swaartekrag te "ontken" en sy lewe waag deur van 'n hoë hoogte af te spring. Maar hoeveel mense in ons samelewing probeer die gevolge van die skending van God se geestelike wette ontken?

Ons hedendaagse Westerse wêreld verwerp die Tien Gebooie toenemend meer en verval steeds in immoraliteit. Hoe sleg is dit werklik? Die *Barna Research Group* het tien morele optredes onder Amerikaners ondersoek en hierdie ontstellende verslag uitgegee: "Van die tien morele optredes wat geëvalueer is, het 'n meerderheid Amerikaners geglo dat elk van drie aktiwiteite 'moreel aanvaarbaar' was. Dit sluit in dobbel (61 persent), saamwoon (60 persent) en seksuele fantasieë (59 persent). Bykans die helfte van die volwasse bevolking het gevoel dat twee ander gewoontes moreel aanvaarbaar is: Om 'n aborsie te hê (45 persent) en om 'n seksuele verhouding te hê met iemand van die teenoorgestelde geslag anders as hul huweliksmaat (42 persent). Bykans een-derde van die bevolking het goedkeuring gegee aan pornografie (38 persent), gekruide taal (36 persent), dronkenskap (35 persent) en homoseksuele omgang (30 persent). Die gebruik wat die minste ondersteuning geniet het, is die gebruik van nie-voorgeskrewe medikasie (17 persent)," (*Morality Continues to Decay*, 3 November 2003).

Wat sal gebeur met 'n samelewing met sulke waardes? Van begin tot einde, onthul die Bybel dat gehoorsaamheid aan God se wette seëninge meebring, terwyl ongehoorsaamheid vloeke en straf meebring. Dit is nie net 'n "Ou-Testamentiese" konsep nie. Let op: "Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai" (Galasiërs 6:7-8).

Ja, daar is oorsake en gevolge in die lewe. Wanneer ons doen wat reg is, geniet ons 'n goeie effek, maar wanneer ons die verkeerde ding doen, veroorsaak ons sonde 'n pynlike effek. Selfs al *blyk* sonde vir 'n tyd genotvol te wees, sal die nagevolge daarvan verwoestend wees.

**Seks in die huwelik**

Goddelike seks in die huwelik verbind man en vrou saam in liefde en gemeenskap. Die verhouding tussen man en vrou het ook 'n geestelike dimensie, soos die apostel Paulus verduidelik: "Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees" (Efesiërs 5:25-27).

Ja, 'n man moet sy vrou liefhê soos Christus Sy Kerk liefhet! Paulus gaan voort: "So behoort die mans hul eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente. Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene. Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees word. Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente. In alle geval moet elkeen van julle ook afsonderlik sy eie vrou liefhê net soos homself, en die vrou moet die man eerbiedig" (verse 28-33).

God slaan die huwelik hoog aan, maar wat sê Hy omtrent diegene wat die huweliksband skend? "Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel" (Hebreërs 13:4). Die Bybel is duidelik; God het seks gemaak om deur man en vrou binne die huwelik gedeel te word. Enige ander seksuele verhouding is sonde. Trouens, die Bybel beskryf spesifieke geslagsdade wat verbied word, insluitende seksuele perversie (sien Levitikus 18).

Net een hoofstuk nadat sodanige verbodsbepalinge uitgestip word, openbaar God die tweede groot gebod: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Levitikus 19:18). Jesus haal daardie gedeelte uit Levitikus weer in Mattheus 22:39 aan. Van die Tien Gebooie, wys die eerste vier ons hoe om God lief te hê en die laaste ses hoe om ons naaste lief te hê. Jesus sê: "Maar as jy in die lewe

wil ingaan, onderhou die gebooie" (Mattheus 19:17). Is u gewillig om God te gehoorsaam en die Gebooie te onderhou?

Sommige state en nasies handel asof hulle beter weet as God! Steun vir "huwelike tussen mense van dieselfde geslag" word al hoe algemener en polariseer menings wêreldwyd. Op 18 November 2003 het die Massachusetts Geregtelike Hoërhof beslis dat paartjies van dieselfde geslag volgens die staat se Grondwet, nie die reg van siviele huwelike ontsê kan word nie. Die Amerikaanse staat Vermont erken "siviele verbintenisse" van paartjies van dieselfde geslag. *The Washington Post* (23 September 2003; bl. A20) berig uit Amsterdam dat in Nederland, "tot agt persent van alle huwelike hier, nou tussen mense van dieselfde geslag is". 'n Kanadese nasionale opname wat tydens die somer van 2003 gemaak is, berig: "Tans steun net meer as die helfte van alle Kanadese (53 persent) sterk (28 persent) of in 'n mate (25 persent)" huwelike tussen mense van dieselfde geslag (*Environics Research Group*, persvrystelling, 7 Augustus 2003).

In die eerste eeu n.C. was die stad Korinte in Griekeland 'n middelpunt van wêreldhandel – en ook 'n middelpunt van heidendom, afgodery en seksuele immoraliteit. Tog het talle Korintiërs hulself bekeer van hul sondige leefwyse en Christene geword. Die apostel Paulus het hulle gewaarsku teen die versoekings van hulle tyd: "Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie" (1 Korintiërs 6:9-10).

Openbaar *u* enige sodanige gedrag? God sê dat ***niemand*** wat dit wel doen, die Koninkryk van God sal beërwe nie! Party van die Korintiërs het hulself bekeer van daardie sondes – en hulle is vergewe. Die apostel Paulus gaan voort: "En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God" (vers 11).

**Misleidende leierskap**

In die hedendaagse samelewing mislei talle mense wat voorgee dat hulle godsdiensleiers is, mense deur vir hulle te sê dat hulle nie sondig nie. Die Profeet Jeremia het sulke vals leierskap betreur en verskriklike gevolge voorsien. "Sou Ek hieroor geen besoeking doen nie? spreek die HERE. Of sou my siel hom nie wreek op 'n nasie soos hierdie een nie? 'n Ontsettende en afskuwelike ding het in die land gebeur: die

## Die Hooglied van Salomo

Die Bybel sluit 'n hele boek in wat die romanse tussen 'n man en vrou uitbeeld. Daardie boek is die Hooglied van Salomo, ook bekend as die Lied van Liedere. Soos die *Holman Bible Dictionary* verklaar: "Die Lied self gee uiting aan 'n unieke Bybelse perspektief aangaande seksuele liefde... Soos Genesis 2:23-25, verheerlik die Lied God se gawe van liggaamlike liefde tussen man en vrou"("*Song of Solomon*").

Die Hooglied van Salomo is saamgestel as 'n drama. Sommige ontleders sien drie hoofkarakters in die boek. Salomo, verteenwoordigend van die wêreld, word gesien as die een wat die herderin verlei met sy wêreldse weelde, terwyl sy getrou bly aan haar onsigbare herder (Simbolies van die Heer). 'n Liefdevolle, intieme verhouding tussen man en vrou in die huwelik simboliseer die intieme verhouding tussen Christus en die Kerk.

Die Engelse *New King James* vertaling lei die Hooglied van Salomo in met díe opmerking: "Allegories, beeld dit Israel uit as God se verloofde bruid (Hosea 2:19, 20) en die Kerk as die bruid van Christus. Soos die menselewe sy grootste vervulling in die liefde tussen man en vrou vind, vind die geestelike lewe ook sy grootste vervulling in die liefde van God vir Sy volk en Christus vir Sy Kerk" (*Thomas Nelson Publishers*, 1988).

Ja, seks binne die huwelik dien as voorbeeld van die intieme verhouding wat God met Sy Kerk verlang. Die Bybel maak dit baie duidelik – God beskou seks as 'n wonderlike deel van Sy skepping en Hy het vir ons die beginsels gegee waarvolgens ons dit kan geniet, soos Hy dit wou hê.

profete profeteer vals, en aan hulle sy oefen die priesters mag uit, en my volk wil dit graag so hê. Maar wat sal julle doen aan die einde daarvan?" (Jeremia 5:29-31).

Mense mag mislei wees, maar hulle "wil dit graag so hê". Volgens die *Barna Research Group*, word saamwoon (omskryf as saamleef met iemand van die teenoorgestelde geslag sonder om getroud te wees) goedgekeur deur baie mense wat hulself "Christene" noem. Barna berig: "Die grootste gapings tussen Protestante en Katolieke word gevind met betrekking tot saamwoon (as moreel aanvaarbaar beskou deur 50 persent van Protestante en 66 persent van Katolieke), seksuele fantasieë (51 persent en 63 onderskeidelik) en dobbel (52 persent en 70 persent onderskeidelik)" (*Morality Continues to Decay*, 3 November 2003).

Party mense wat versigtig is om fisiese owerspel te vermy, dink dat hulle sonde kan vermy deur hul owerspelige fantasieë in hul gedagtes te hou. Tog het Jesus Self onthul dat dit moontlik is om in die gedagte te sondig, selfs sonder onwettige fisiese gedrag. "Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het" (Mattheus 5:28).

Soos ons Saligmaker gewaarsku het: "Maar die dinge wat uit die mond uitgaan, kom uit die hart, en dit is dié wat die mens onrein maak. Want uit die hart kom daar slegte gedagtes, moord, egbreuk, hoerery, diewery, valse getuienis, lastertaal" (Mattheus 15:18-19).

Hoeveel sondige seksuele fantasieë vat in u gedagte pos? Baie, as u televisie kyk! Selfs tieners is kwesbaar. "In die top 20 programme onder tieners, bevat meer as agt uit tien (83 persent) in 'n mate seksuele inhoud, waarvan bykans die helfte (49 persent) seksuele gedrag bevat en een uit vyf (20 persent), geslagsgemeenskap. Die top tienervertonings bevat gemiddeld 6,7 tonele per uur met seksuele inhoud" (*Sex on TV* 3; *a Biennial Report of the Kaiser Family Foundation*, 2003). Die verslag gaan voort: "Wanneer u tieners vra watter rol seks op TV in hul lewens speel, sal bykans drie uit vier sê dat dit die seksuele gedrag van kinders hul ouderdom beïnvloed en een uit vier erken dat dit hul eie gedrag beïnvloed" (*ibid.*).

Ja, die media beïnvloed wel ons houdings en gedrag. Ons moet egter waaksaam wees teen daardie versoekings wat ons na sonde lei. Pornografie is wêreldwyd 'n florerende besigheid en lei talle mense tot seksuele misdade, insluitend seksuele kindermishandeling. In 'n Kanadese studie van veroordeelde kindermolesteerders, sê 77 persent van diegene wat seuns gemolesteer het en 87 persent van dié wat meisies gemolesteer het, dat hulle gereelde gebruikers van harde, blatante pornografie was (*Report on the Use of Pornography by Sexual Offenders, Report to the Federal Department of Justice*, Ottawa, Kanada).

Hoewel die media vol seksuele beelde, boodskappe en versoekings is, moet 'n Christen nie ingee en hierdeur beïnvloed word nie. Jesus leer ons om te bid: "En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose" (Mattheus 6:13).

Indien u aan pornografie toegee – of enige ander seksuele onsedelikheid – behoort u u te bekeer! U moet ophou sondig! U moet daadwerklike aksie neem om u maklike toegang tot seksuele versoekings te verhoed! Die apostel Paulus gee hierdie dringende instruksie: "Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam, maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam" (1 Korintiërs 6:18). Sommige mense glo dat seksuele sonde 'n "oortreding sonder slagoffer" is, maar God sê dat seksuele sonde 'n sonde teen u eie liggaam is!

Paulus gaan voort: "Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort" (verse 19-20).

Sal u uself daartoe verbind, indien u dit nie reeds gedoen het nie, om God in u liggaam en gees te verheerlik? God se leefwyse deur Christus, is die oorvloedige lewe, soos Jesus in Johannes 10:10 sê. U *kan* daardie lewe van werklike geluk hê, mits u die ontsagwekkende en wonderlike geestelike wette van God navolg! WvM

# Die ontbrekende "B" woord

***Deur* Roderick C. Meredith**

***Watter woord in moderne "kerkedom" word die minste verstaan? Die antwoord sal u dalk verbaas!***

Dit is die woord wat God se dienaars herhaaldelik beskryf het as die eerste stap na *ware* Christendom, die *eerste stap* na die ewige lewe. Toe Johannes die Doper gekom het om die weg te baan vir Jesus Christus se bediening, het hy begin deur te sê: "**Bekeer julle**, want die koninkryk van die hemele het naby gekom" (Mattheus 3:2). Die evangelie volgens Markus boekstaaf: "Johannes het gekom en was besig om in die woestyn te doop en die doop van **bekering** tot vergifnis van **sondes** te verkondig. En die hele Joodse land en die inwoners van Jerusalem het uitgegaan na hom toe, en almal is deur hom gedoop in die Jordaanrivier met belydenis van hulle sondes" (Markus 1:4-5).

Toe kom Jesus Christus en verkondig: "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; **bekeer julle** en **glo** die evangelie" (verse 14-15), en "van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: **Bekeer julle**, want die koninkryk van die hemele het naby gekom" (Mattheus 4:17).

Op Pinksterdag, toe die Nuwe-Testamentiese kerk eintlik begin is, het God die apostel Petrus geïnspireer om die duisende mense wat hom gehoor het, uit te daag: "**Bekeer julle**, en laat elkeen van julle **gedoop** word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang" (Handelinge 2:38). Die ganse Nuwe Testament toon duidelik dat God se Heilige Gees *na* ware **bekering** en opregte aanvaarding van Jesus Christus as Heer en Verlosser verleen word. Dit is 'n *noodsaaklike* punt wat dikwels heeltemal misgekyk "of verwater" word deur "algemene" hedendaagse kerke!

Ek *weet* dat sekere hoofstroom evangeliste die woord "bekeer" van tyd tot tyd *gebruik*, hoewel *nie naastenby* so gereeld soos wat hulle behoort nie. In byna elke geval versuim hulle egter heeltemal om 'n ware *Bybelse verduideliking* te gee vir wat bekering behels. Let op hoe die bogenoemde verse verduidelik dat u uself moet bekeer en gedoop word tot die "vergewing van **sondes**". *Indien* u u bekeer en behoorlik gedoop word, sal u sondes vergewe word.

Die eerste stap is dan vanselfsprekend "bekering" van **sonde**!

Maar wat ***is*** "sonde"?

**Waarom** versuim so baie mense wat hulself Christus se leraars noem om u in te lig oor die geïnspireerde *Bybelse* definisie vir "sonde"? Omdat dit outomaties hul "glo net"-evangelie sal *verdoem*! Omdat dit duidelik sal toon hoe oppervlakkig en onbesonne hul "gee net jou hart vir die Here"-boodskap werklik is!

Let asseblief noukeurig op die *Bybelse* definisie vir sonde: "**Sonde** is immers oortreding van die **wet** van God" (1 Johannes 3:4, NV). In leketaal is "sonde" die **verbreking** van die Tien Gebooie!

Tog sal bykans elke "hoofstroom Protestante" leraar die mantra opsê: "Jy word gered deur **genade**, daarom *hoef jy nie* die Tien Gebooie te onderhou nie!" Party mense sal toegee dat die Tien Gebooie 'n "goeie algemene riglyn" vir die lewe is, maar daarop aandring dat Christene "nie gebonde is om dit te onderhou nie, omdat hulle nou onder die nuwe verbond is." Of dalk sal hulle sê: "Christus het die Tien Gebooie aan die kruis vasgespyker, daarom is daar nou mee weggedoen."

*Verstaan u*?

*Indien* u my woord in twyfel trek hieroor, gaan vra **asseblief** u eie pastoor: "Word Christene vandag beveel om **al** tien van die Tien Gebooie te onderhou?" Indien u die vraag *so* vra sal u beslis die een of ander variasie op die antwoorde of verskonings hoor wat ek pas genoem het!

Waarom?

**Die Tien Gebooie is teenstrydig met ons Westerse leefstyl.**

Indien ons vriende wat Christene in naam is, *werklik* Jesus se opdrag en voorbeeld gevolg het, sou hulle al die oorloë moes **staak**! Tog het *baie* van ons oorloë oor die afgelope paar honderd jaar daarop neergekom dat "Christene" deur "Christene" **gedood** is. Die Eerste Wêreldoorlog het getoon hoe Duitsers veg teen mede-Katolieke en -Protestante in Brittanje, Frankryk en die Verenigde State. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het Duitsland en Italië teen **miljoene** mede-"Christene" in Pole, Tjeggo-Slowakye, Frankryk, België, Brittanje, die Verenigde State en Kanada geveg.

Jesus het egter Sy volgelinge duidelik vertel: "Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg" (Mattheus 5:43-44).

Kort voordat Hy vermoor is, sê Jesus vir Pilatus: "My koninkryk is **nie** van hierdie wêreld nie; **as** my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie" (Johannes 18:36). Ons belydende "Christendom" wat so **teen** die Wet gekant is, laat egter sy leraars en priesters toe om hul troepe aan beide kante te "seën" in tye van oorlog!

Soos u weet sal die *oorgrote meerderheid* van Amerikaanse, Britse, Kanadese en Suid-Afrikaanse kerkgangers *baie* ontsteld wees *as* hul leraars hulle gereeld en kragtig vertel dat hulle *nie* lidmate van goeie naam kan bly wanneer hulle van hul lewensmaats skei vir enige onbybelse rede of wanneer hulle in owerspel, egbreuk of homoseksualiteit leef nie!

*Sjoe*! Die *afname in lidmaatgetalle* sal *skrikwekkend* wees as belydende leraars van Christus die volle Waarheid van die Bybel gepreek het! As hierdie leraars ook gereeld en kragtig teen *leuens*, *bedrog*, *ydele* gebruik van God se Naam of verlustiging aan *pornografie*, *dobbelary* en soortgelyke onsedelikheid gepreek het, *wie* sou in die hoofstroom "Christenkerke" oorgebly het?

Baie jare *nadat* Jesus gekruisig is, inspireer God Jakobus – Jesus se broer – om te skryf: "Want wie die **hele wet** *onderhou*, maar in **een opsig** struikel, het aan almal **skuldig** geword. Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die wet geword" (Jakobus 2:10-11).

So, my vriende, *al tien* van die Tien Gebooie is *definitief bindend* op ware Christene. Betreffende die tyd wanneer Christus se volgelinge na veiligheid moet vlug, net voor die komende Groot Verdrukking, vertel Hy ons: "En bid dat julle vlug nie in die winter of op die **sabbat** mag plaasvind nie" (Mattheus 24:20). Twyfel enigiemand opreg dat Jesus gepraat het van die *sewendedag* Sabbat wat Hy en Sy dissipels altyd saam met die res van die Jode onderhou het? Let op hoe God Jesaja geïnspireer het om te skryf oor Christus se eerskomende Millenniale heerskappy op die aarde: "En elke maand op die nuwemaan en elke week op die **sabbat** sal **alle vlees** kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE" (Jesaja 66:23). Daar is **nooit** met God se heilige Sabbat "weggedoen" nie en dit *sal onderhou word* – soos Jesaja geïnspireer is om te voorspel – deur "alle vlees" gedurende Christus se eerskomende heerskappy op die aarde!

Het *u* egter die geloof en moed om nou – *in hierdie tyd* – te **doen** wat God sê? Het *u* die visie en krag om Jesus Christus as Heer en Meester te **gehoorsaam** en om Hom Sy lewe in u te laat **leef** deur die Heilige Gees?

Die meeste belydende Christene het *nie* daardie soort geloof en toewyding nie. Hoewel baie Joodse godsdiensleiers in Jesus se tyd geglo het dat Hy die Messias was, het die druk om by die meerderheid "in te skakel", hulle teruggehou. Soos die apostel Johannes verduidelik: "Maar tog het selfs baie van die owerstes in Hom geglo; maar ter wille van die Fariseërs het hulle dit nie bely nie, om nie uit die sinagoge geban te word nie. *Want hulle het die* **eer** *van die* **mense** *meer liefgehad as die eer van God*" (Johannes 12:42-43).

Wat van *u*?

**Waarvan bekeer 'n mens jou?**

Soos 1 Johannes 3:4 dit duidelik stel: "Sonde **is** immers oortreding van die **wet** van God" (NV). Hoewel baie belydende Christene sê "ons het net **liefde**

nodig", antwoord die apostel: "Want dit **is** *die liefde tot God*, dat ons sy gebooie **bewaar**; en sy gebooie is nie swaar nie" (1 Johannes 5:3). Die *ware* "liefde tot God" wat Jesus wil hê ons moet hê, vloei met die rivier van die Tien Gebooie langs. God se manjifieke geestelike Wet vertel ons *hoe* om God lief te hê en *hoe* om ons naaste lief te hê. Jesus Christus en die Apostels het die Wet vergroot (Jesaja 42:21) of die aanwending daarvan *uitgebrei* om die betrokke gees of gesindheid in te sluit; hulle het nie "weggedoen" met God se Wet nie.

Jesus verduidelik byvoorbeeld dat ons nie net verbied word om egbreek te pleeg nie, maar ons mag nie eens wellustige en owerspelige gedagtes in ons verstand koester nie. "Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het" (Mattheus 5:27-28). "Doen *dit* weg" met God se gebod teen egbreuk? *Natuurlik nie*! Dit maak dit meer bindend, want God se regverdige Wet is – soos Jakobus geskryf het – die "wet van vryheid" (Jakobus 2:12). Indien dit universeel gevolg word, sou dit ons inderdaad bevry van die probleme van oorlog, egbreuk, gebroke gesinne, diefstal, vrees, frustrasie en leegheid. Die ganse wêreld sal waarlik 'n *veel beter plek* wees!

*Hoe durf* misleide predikante mense vertel dat God se wonderlike wet van die lewe mee "weggedoen" is!

Hierdie **verskriklike** valsheid verblind trouens miljoene opregte mense van die wete **hoe** om hulle te bekeer! In baie hoofstroom kerke word mense net 'n algemene idee van sonde gegee en word hulle bykans **nooit** vertel dat sonde *spesifiek* die verbreking van die Tien Gebooie is nie! In die Bergpredikasie verdoem Jesus Christus sulke vals leraars direk. Hy sê: "Baie sal daardie dag vir My sê: 'Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bose geeste uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?' Dan sal Ek openlik vir hulle sê: *Ek het julle* **nooit** *geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die* **wet van God oortree**" (Mattheus 7:22-23, NV).

"Julle wat die wet van God oortree"? Van watter wette praat Jesus hier? As God in die vlees, het Jesus geweet dat vals leraars sou probeer wegdoen met die groot geestelike gebooie en dít verwater wat God eintlik *deur Jesus* gegee het toe Hy die "Woord" was – die "Rots" (1 Korintiërs 10:4) – die Een wat *letterlik* as God se Woordvoerder die Tien Gebooie by die berg Sinaï *gespreek* het!

Toe Hy in die menslike vlees gekom het, het Jesus die mense **altyd** vertel dat dit *Sy leefwyse* was om die Tien Gebooie te **gehoorsaam**! Toe 'n jongman Hom kom vra wat die weg na die ewige lewe is, antwoord Jesus: "As jy in die lewe wil ingaan, **onderhou** die **gebooie**" (Mattheus 19:17). Soos Jesus in die Bergpredikasie verduidelik: "Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele" (Mattheus 5:19). So **–** in *Jesus se gedagtes* – is **al** God se gebooie absoluut noodsaaklik. Nie *een* van hulle is ooit "aan die kruis vasgespyker" of "mee weggedoen" nie, soos u sal sien wanneer u al die teksverse op eerlike wyse bymekaarbring.

Die apostel Paulus vertel ons "Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar *die onderhouding* van die **gebooie** van God" (1 Korintiërs 7:19). Ook naby die heel einde van die Nuwe Testament beskryf God Sy ware Heiliges **–** diegene wat *egte* Christene is: "Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die **gebooie** van God en die *geloof* in Jesus *bewaar*" (Openbaring 14:12).

Soos ons gesien het, is mense van God *afgesny* – nie in staat om die kosbare Heilige Gees te ontvang nie – totdat hulle hulle waarlik van "sonde" – die oortreding van God se **Wet** – **bekeer**. Dan moet hulle Jesus Christus in nederigheid aanvaar, nie net as persoonlike Saligmaker nie, maar ook as "Heer" **–** die Een wat hulle waarlik sal **gehoorsaam**! Soos die apostel Paulus skryf: "omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie; julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in

julle woon. *Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort* **nie** *aan Hom nie*" (Romeine 8:7-9).

**Wat is ware bekering?**

Die onbekeerde, selfsugtige, "vleeslike" verstand van die mens, wil *sy eie sin* hê. Daarom sal dit **nie** tot God se Wet onderworpe wees nie, verduidelik Paulus. Deur die Gees van God, kan ware Christene egter die vleeslike gesindheid en die luste van die vlees "beheer" en binne God se Wette wandel as 'n **leefwyse**. 'n Mens moet egter **eers** bekeerd raak, ten einde God se Heilige Gees te ontvang. Om jou te "bekeer", beteken om te ***verander***. Ja, dit beteken 'n mens moet jammer wees, maar 'n mens moet **so jammer** wees dat hy of sy werklik *omkeer* en die **ander rigting** inslaan!

Ware bekering behels dus 'n **algehele oorgawe** van 'n mens se verstand, hart en wil aan die Skeppergod en vereis die aanvaarding van die dood van Sy Seun as betaling vir **sonde**, want sonde vereis die **dood**. Dit is waarom Christus die doodstraf namens ons moes "betaal". Soos die apostel Paulus skryf: "Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here" (Romeine 6:23).

Sonde is so afskuwelik **–** so **veragtelik** in God se oë **–** dat dit outomaties **dood** in die vuurpoel meebring, tensy daar waarlik van **bekeer** word. Die beste voorbeeld van ware bekering word waarskynlik in Dawid se gebed na sy sonde met Batseba aangetref. Dawid roep uit tot God: "Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid. Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde. Want ék ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my. Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou" (Psalm 51:3-6).

Let daarop dat Dawid *nooit* probeer het om dit wat hy gedoen het te regverdig nie. Hy noem dit "sonde" en erken dat hy "gereinig" moet word. Hy erken ook dat sy sonde nie hoofsaaklik teen Batseba was nie, ook nie teen haar man, Uria, wat hy laat *vermoor* het nie, maar *teen* **God Self**! Dawid beskryf sy behoefte om van die "bloedskuld" gered te word (vers 16). Uiteindelik erken Dawid: "Die offers van God is 'n **gebroke gees**; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!" (vers 19).

Hierdie *gesindheid* van algehele *bekering* en *oorgawe* aan God was 'n hoofrede waarom God Dawid 'n "man na my hart" genoem het (Handelinge 13:22). God het Dawid ook liefgehad omdat hy soveel diepliggende **liefde** vir God se Gebooie en Wette gehad het **–** so **anders** as die leraars van vandag wat sê dat God se manjifieke Wet te streng, te moeilik of te beswarend is. Dawid skryf: "Hoe **lief** het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag. U **gebooie** maak my wyser as my vyande, want hulle is myne vir ewig" (Psalm 119:97-98).

Jesus roep uit: "En **wat** noem julle My: Here, Here! en doen **nie** wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46). Jesus is *nie* u "Heer" tensy u Hom *gehoorsaam* nie! Trouens, u is **nie** 'n ware Christen tensy u bereid is om God te *gehoorsaam* en te **doen** wat Hy sê nie! Kan dit enigsins eenvoudiger wees?

**Kan "genade" en "boetedoening" ware BEKERING vervang?**

Lank na die dood van Jesus en die oorspronklike Apostels, het misleide priesters en teoloë gedurende die Middeleeue begin om die hele konsep van ware Christenskap op vreemde wyses te verdraai. Hulle het die idee van "boetedoening" eerder as **bekering** begin onderrig. Mense het selfs probeer om hul pad uit sonde te "koop" deur "aflatings" van priesters te koop. Martin Luther **–** die stigter van Protestantisme **–** was so verafsku deur hierdie vieslike praktyk, dat hy die Protestante Hervorming begin het. Luther was ongetwyfeld opreg **–** soos die meeste Protestante vandag is, maar hy het net *gedeeltelik* uit 'n algeheel Babiloniese stelsel uitgekom!

Omdat hy die Rooms-Katolieke "kerkwette" as streng en misleidend beskou het, het Luther die gedagte bedink dat Christene "bevry" is van gehoorsaamheid aan God se Wet. Hy het die idee bekendgestel van redding deur "genade" **alleen**. In sy Duitse vertaling van die Nuwe Testament, het Luther Romeine 3:28 wat lui: "Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word

deur die geloof sonder die werke van die wet", trouens opsetlik verkeerd vertaal. Luther het egter vertaal dat "die mens geregverdig word deur die geloof **alleen**..." Toe een van sy kritici hierdie vertaalfout regstel, het Luther uit die hoogte geantwoord: "Sou jou Pous self enige nuttelose gegriefdheid toon oor die woord *sola*, kan jy vinnig antwoord: Dit is die wil van dr. Martin Luther dat dit so moet wees" (Alzog, *Manual of Universal Church History*, bl. 199). Luther gee geen rede vir so 'n onskriftuurlike verandering nie. Wanneer dit by Luther se eie persoonlike oortuigings oor leerstellings kom, was hy waarlik 'n *eiewillige* man.

Van toe af het die meeste Protestante leraars en teoloë grootgeword met die konsep dat ons op die een of ander wyse "bevry" is van onderhouding van God se gebooie! In hul eie denkwyse verwar hulle die *fisiese verordeninge* van antieke Israel met die *geestelike Wet* van die Tien Gebooie – hoewel die twee heeltemal verskil! Hulle probeer hulle indink dat die Tien Gebooie nie meer vereis word onder die nuwe verbond nie, maar God se woord maak dit duidelik dat die *geestelike Wet* van God – die Tien Gebooie – die einste **grondslag** van die nuwe verbond is! Waar Paulus spesifiek die nuwe verbond beskryf, sê hy: "Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die HERE: Ek sal my **wette** in hulle *verstand* gee en dit op hulle *hart* skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees" (Hebreërs 8:10).

Herhaaldelik, regdeur die Ou en Nuwe Testamente, gee God 'n *konsekwente onderrig* oor gehoorsaamheid aan Sy geestelike Wet, die Tien Gebooie. Selfs voordat die ou verbond gegee is, is Abraham – "die *vader* ... van almal wat glo" (Romeine 4:11) – geseën "omdat Abraham na my stem **geluister** en my ordening, my **gebooie**, my insettinge en my wette *onderhou het*" (Genesis 26:5). Ons het gesien dat Dawid God se Gebooie *liefgehad* het en dat hy genoem word as 'n toekomstige koning onder Christus om oor *miljoene* mense in die Wêreld van Môre te regeer (Esegiël 37:24).

Toe het Jesus gekom en die jongman vertel wat die weg na die ewige lewe gevra het: "**Onderhou** die gebooie"! En, *teenstrydig* met misleide Protestante lering, het die apostel Paulus *beslis* **gehoorsaamheid** aan God se Wette *toegepas*, God se Sabbatte en die Heilige Dae *onderhou* en in 1 Korintiërs 7:19 geskryf: "Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooie van God"!

**God se weg is KONSEKWENT!**

In die eerskomende regering van Jesus Christus, sal *alle* nasies God se Gebooie onderhou! Dit sal die grondslag wees vir die *ganse* ***leefwyse*** in Christus se eerskomende heerskappy oor hierdie aarde! Ter beskrywing van God se Koninkryk wat in die "einde van die dae" kom, skryf die profeet Miga duidelik dat God se **Wet** onderrig en gehoorsaam sal word. "En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem" (Miga 4:2).

Die *waarheid* is dat elke mens uiteindelik sy lewe en wil aan God moet *oorgee* en – deur Christus wat in hom woon – die **gebooie** van God moet **onderhou**, wat Sy *hele leefwyse* weerspieël! Hebreërs 13:8 vertel ons: "Jesus Christus is gister en vandag **dieselfde** en tot in ewigheid", en die apostel Paulus skryf: "Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar *Christus* **leef** *in my*. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het" (Galasiërs 2:20).

Christus – wat *Sy lewe* in u leef deur die Heilige Gees – sal u help groei en oorwin om God se gebooie as 'n leefwyse te **onderhou**, *net soos Hy gedoen het*. Want Hy is **dieselfde**. Hy **verander nie** Sy basiese geestelike standaarde nie. *Verstaan dit asseblief*!

Die einste *beginpunt* van ware Christenskap is om *ten volle onderworpe* te wees aan God en om u te **bekeer** van die oortreding van Sy gebooie en die *ganse leefwyse* wat dit verteenwoordig! Dan moet 'n mens tot 'n *diepe* besef van God se liefde kom deurdat Hy Sy Seun gegee het as Saligmaker en 'n mens moet Jesus waarlik aanvaar as *Verlosser* en **Here**!

***Vervolg op bladsy 26***

# Hulpbron-oorloë lê voor!

*Deur Douglas S. Winnail*

**Groeiende wedywering om kwynende hulpbronne, blaas konflikte regoor die wêreld aan. Bybelprofesieë openbaar waartoe hierdie wedloop om hulpbronne aanleiding sal gee!**

Jesus het voorspel dat Sy Wederkoms en die einde van hierdie wêreld voorafgegaan sal word deur toenemende gerugte van etniese struweling, internasionale konflik en oorloë. Hy sê "julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë... Want die een nasie [*ethnos* – "volk" of "stam"] sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander... Maar al hierdie dinge is 'n *begin* van die smarte" (Mattheus 24:3-8).

Hoewel etniese struwelinge en konflik tussen nasies regdeur die geskiedenis gewoed het, het ons duidelik nou 'n *nuwe* en *onheilspellender fase* in die drama van die menslike beskawing betree.

Met 'n wêreldbevolking van bykans 6,5 miljard, word die natuurlike hulpbronne wat deesdae nodig is om die menslike lewe en kultuur in stand te hou – vars water, voedselvoorrade en energie-bronne – tot die heel uiterste gerek. Namate ons die omgewingslimiete van die aarde se ontginbare hulpbronne bereik en oorskry, word die nasies van die wêreld in 'n al hoe ernstiger geopolitieke spel betrek waarby daar wêreldwyd baie op die spel is – wêreldoorheersing en nasionale oorlewing! Hierdie wêreldwye wedywering om die aarde se oorblywende hulpbronne, wakker al meer konflikte regoor die wêreld aan. Wetenskaplikes, geopolitieke ontleders en wêreldleiers besef dat hierdie gevaarlike en potensieel dodelike spel *in die jare wat voorlê in intensiteit sal toeneem*!

Deesdae besef baie min mense dat hierdie sombere verwikkelinge in die Bybel *voorspel* is. God het Sy profete lank gelede geïnspireer om hierdie *einste toestande* wat vandag hoofopskrifte haal, te beskryf – om te wys dat *slegs God* in staat is om die toekoms te voorspel en dit te laat gebeur. Die profeet Jesaja skryf "Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; *wat van die begin af verkondig die einde* en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie" (Jesaja 46:9-10). U moet verstaan hoe die komende konflikte oor die kwynende hulpbronne u toekoms gaan raak.

### Bron van konflikte

'n Verslag van die *Worldwatch Institute* in 2003 het bereken dat "sowat *een kwart* van die 50 onlangse oorloë en gewapende konflikte 'n stryd om natuurlike hulpbronne behels het" (*Vital Signs 2003*). Hierdie konflikte sluit in: Toegang tot olie in Irak, Nigerië en Colombia, pyplynroetes vir olie en gas in Afganistan, Aserbeidjan, Tsjetsjnië en Georgië, beheer oor die winsgewende diamantmyne in Sierra Leone en Angola (en goud in Rwanda), asook winste uit hout en edelgesteentes in Kambodja. Plaaslike en streekskonflikte oor die beheer oor natuurlike hulpbronne, word dikwels deur die media as "burgeroorloë" beskryf, hoewel dit in werklikheid *hoogs winsgewende operasies* is wat deur opperste krygshere bedryf word om hul volgelinge te bewapen en hul eie sakke te vul. Hierdie hulpbron-oorloë, wat weens *hebsug* eerder as behoefte gevoer word, het menslike tragedie meegebring – "meer as 5 miljoen mense is gedurende die 1990's gedood en tot 20 miljoen is uit hul huise verdryf" (*The Anatomy of Resource Wars*, *Worldwatch Paper 162*, 2002).

In die jare wat net voor ons lê, sal hulpbron-oorloë 'n onheilspellender fase betree. Voormalige Amerikaanse nasionale veiligheidsadviseur, Zbigniew Brzezinski, maak die opmerking dat met die wêreld se energiebehoeftes wat die hoogte inskiet, die wedloop om hulpbronne "historiese eise sal laat opvlam, imperiale aspirasies laat herleef en *internasionale wedywering aanwakker"* – veral in die bronryke, maar hoogs onstabiele gebiede van die Persiese Golf en rondom die Kaspiese See (*The Grand Chessboard*, bl.125).

Harvard se Samuel Huntington bied 'n soortgelyke siening: "Die Golfoorlog [1991] was, na die Koue Oorlog, die eerste *hulpbron-oorlog tussen beskawings.* Beheer van die grootste deel van die wêreld se oliereserwes deur hetsy Saoedi-Arabië en die regerings van die emirate, wat op Westerse wapens staatgemaak het vir veiligheid, of deur onafhanklike anti-Westerse regimes wat in staat en gewillig sou wees om *olie as wapen* teen die Weste te gebruik, was op die spel" (*The Clash of Civilizations and the Remaking of World Order*,

bl. 251-252). Huntington omskryf verskeie scenario's rakende konflikte oor energiebronne wat die wêreld se militêre magte in 'n *wêreldwye oorlog* kan betrek. Namate die wêreldbevolking toeneem, sal die wedloop om hulpbronne vererger en die risiko van konflik sal in verskeie lewensbelangrike areas wat u lewe sal raak, toeneem!

**Die waterkrisis**

Met die eerste oogopslag lyk dit of die wêreld baie water het, aangesien 70 persent van die aarde se oppervlak met water bedek is. Minder as 3 persent hiervan is egter vars water en die meeste daarvan is opgesluit in gletsers of permanente sneeubanke, of is andersins so diep ondergrond dat dit onbereikbaar is, wat beteken dat minder as 1 persent van die aarde se beskikbare water vir noodsaaklike menslike behoeftes soos drinkwater, voedselbereiding en besproeiing van gewasse beskikbaar is. Ongelukkig is baie van vandag se beskikbare vars water óf besoedel, óf nie geleë waar dit benodig word nie. Suid-Amerika het 26 persent van die wêreld se vars water, maar slegs 6 persent van die wêreld se bevolking, terwyl Asië 60 persent van die wêreld se mense maar slegs 36 persent van die wêreld se vars water het.

Groeiende bevolkings plaas *onvolhoubare eise* aan die bestaande watervoorraad. Oor die afgelope 75 jaar, het die wêreldbevolking met 300 persent toegeneem, terwyl waterverbruik met 600 persent toegeneem het (sien *New Scientist*, 7 November 2001). Vandag woon meer as 500 miljoen mense in 31 lande wat 'n gebrek het aan voldoende watervoorrade en meer as een miljard mense het nie toegang tot skoon drinkwater nie, wat 'n hoofoorsaak vir die verspreiding van siektes is. In baie lande word die water in waterdraende klip so vinnig uitgepomp dat hierdie waardevolle waterbronne waarop minstens 2 miljard mense staatmaak, binne die volgende paar dekades uitgeput kan wees. Teen 2025, sal nagenoeg 5 miljard mense dit moeilik of onmoontlik vind om aan hul varswaterbehoeftes te voldoen. Voeg hierby die stygende temperature en rekorddroogtes regoor die wêreld as gevolg van klimaatveranderings, en ons begin die ontsaglike omvang van die waterverwante krisis wat ons moderne wêreld bedreig, besef.

Die *World Water Development Report* wat deur die Verenigde Nasies opgestel is, meld dat die wêreld "'n ernstige waterkrisis in die gesig staar. Alle tekens dui daarop dat dit *vererger* en dat dit so sal voortgaan ... die toekoms vir baie dele van die wêreld lyk droewig." Koichiro Matsuura, direkteur-generaal van UNESCO, die Verenigde Nasies se agentskap verantwoordelik vir water, stel dit so: "**Van al die maatskaplike en natuurrampe wat ons in die gesig staar, is die waterkrisis die een wat ons die naaste aan die hart lê vir ons eie oorlewing sowel as dié van ons planeet. Geen streek sal gevrywaar wees teen die aanslag van hierdie krisis nie**" (*The Times*, 31 Julie 2003). Kofi Annan, die sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies, het gewaarsku dat "felle nasionale wedywering oor waterbronne vrese laat ontstaan het dat *waterkwessies die potensiaal vir gewelddadige konflik inhou.*"

'n Groot faktor wat bydra tot die waterkonflik, is dat 40 persent van die wêreldbevolking in die opvangsgebiede van 263 riviere woon waarvan die water tussen twee of meer lande gedeel moet word. Wanneer een land meer as sy regmatige deel van die water neem en ander lande van noodsaaklike water ontneem, ontstaan geskille. Planne deur Indië om water uit die grootste riviere af te keer vir besproeiing, sal die oorlewing van 100 000 mense stroomaf in Bangladesj bedreig. In Amerika se droë suidweste, word so baie water uit die Coloradorivier onttrek dat teen die tyd dat dit Mexiko bereik, die rivier bykans droog is – wat wrywing tussen die VSA en Mexiko veroorsaak het. In die onbestendige Midde-Ooste, het Turkye groot damme in die bo-lope van die Tigris- en Eufraatriviere, wat ook lewensbelangrike water aan Sirië en Irak voorsien, gebou. Sedert 1950 was daar al meer as 500 konflikte tussen lande oor water, waarvan 37 gewelddadig was en 21 militêre optrede behels het (*The Times*, 31 Julie 2003). Een konsultant het opgemerk dat "as nasionale oorlewing op die spel is, *kan sodanige botsings in volskaalse oorlog ontaard*" (*ibid*.).

As ons die omvang van hierdie dreigende waterkrisis in oënskou neem, is dit merkwaardig hoe min mense besef dat die Bybel lankal reeds teen hierdie einste situasie gewaarsku het. Meer as 2 000 jaar gelede, het die profeet Joël voorspel dat die einde van hierdie tydperk gekenmerk sal wees deur verwoestende droogtes, op 'n ongeëwenaarde skaal in die geskiedenis van die mensdom: "Het so iets ooit in julle dae of die dae van julle vaders plaasgevind?... Die veld is

verwoes, die akkerland treur; want die koring is verwoes, ... *naby is die dag van die Here* ... die diere van die veld smag ... die waterstrome het opgedroog" (Joël 1:1-20). God het Sy uitverkore volk ook gewaarsku dat as hulle Sy voorskrifte verwerp en aan Sy Wette ongehoorsaam is: "Ek sal julle trotse mag verbreek en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper ... die HERE sal die reën van jou land poeier en stof maak ... totdat jy verdelg is" (Levitikus 26:14-20; Deuteronomium 28:15, 23-24, 45). Die Bybel *verduidelik waarom* ons rekordtemperature en droogtes in Amerika, Kanada, Australië, Suid-Afrika en Noordwes- Europa beleef.

Die profeet Jesaja verklaar ook dat hierdie eindtydse waterkrisis die *hele wêreld* sal raak: "Die aarde treur, dit verwelk ... die aarde is ontheilig [besoedel] onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek. Daarom verteer die vloek die aarde" (Jesaja 24:4-6). Mense is besig om die vrugte te pluk van hebsugtige, kortsigtige handelswyses wat die ekologiese balans van die planeet versteur het. Ons stuur af op 'n globale ramp, want ons het een van die fundamentele elemente wat noodsaaklik is om lewe op die planeet te onderhou, – die beperkte voorraad vars water – verkwistend uitgebuit. Namate varswatervoorraad kwyn, sal konflikte oor hierdie waardevolle hulpbron toeneem en in geweld losbars.

### Voedseltekorte

Die wêreldwye waterkrisis het 'n ander verontrustende dimensie. Verslegtende watertekorte begin om *voedselproduksie* regoor die wêreld te *ondermyn*. 'n Onlangse verslag lui: "Vir verskeie dekades het die toename in voedselproduksie die groei van die bevolking oortref. Nou het 'n groot deel van die wêreld eenvoudig nie genoeg water om meer voedsel te produseer nie" (*Water: More Nutrition Per Drop*, 2004). In vier uit die laaste vyf jaar, het die wêreld se graanverbruik die produksie daarvan met honderde ton oortref. Dit het graanreserwes uitgeput en het die wêreld se graanvoorraad tot die laagste vlak in 30 jaar laat daal. Die afname in graanproduksie kan grotendeels toegeskryf word aan die afname in grondwater wat vir besproeiing gebruik word en die styging van temperature as gevolg van wêreldverwarming, wat 'n beperking plaas op hoeveel die boere kan verbou. Hierdie produksieafname kom op 'n tydstip dat die aanvraag na graan as voedsel die hoogte inskiet weens bevolkingstoenames en groeiende vooruitstrewendheid in digbevolkte lande.

China is 'n sprekende voorbeeld van voedselverwante probleme wat op die horison dreig. Tussen 1950 en 1998, het China koringproduksie verhoog van 90 miljoen ton tot 392 miljoen ton. In vier uit die laaste vyf jaar, was die koringoes in China egter 70 miljoen ton laer as die verbruikersvlakke – 'n tekort wat die ganse graanoes in Kanada oortref! In baie van die graanproduserende dele van China is die putte besig om op te droog, as gevolg van 'n ooronttrekking van grondwater. Stygende temperature verskroei die gewasse en omskep voormalige besproeiingslanderye in woestyne en verminder sodoende graanproduksie. Die Chinese het hierdie tekort teengewerk deur hul eens enorme reserwes op te gebruik. Hulle begin nou om groot hoeveelhede graan in te voer om hul groeiende en vooruitstrewender bevolking te voed, wat graan- en voedselpryse wêreldwyd laat styg. Dit sal veral moeilik wees vir die armes in ontwikkelende lande, wat op minder as 'n dollar per dag leef en tot 70 persent van hul inkomste aan voedsel moet bestee, hulle sal stadig verhonger!

Die groeiende vraag na graankos kom op 'n tyd dat die wêreld se voedselproduksie besig is om af te plat as gevolg van 'n tekort aan water vir besproeiing en stygende wêreldtemperature. Die wêreld se visserye is ook besig om in duie te stort as gevolg van oorbevissing. Dit alles dui op 'n toekomstige tyd van *voedselskaarste* en *toenemende wedywering om kwynende voedselvoorrade.* Terwyl baie mense vandag terrorisme as een van die grootste bedreigings van veiligheid beskou, glo Lester Brown, hoof van die *Earth Policy Institute*, dat "die uitwerking van watertekorte en stygende temperature op voedselversekerdheid vir die meeste mense *baie belangriker geskilpunte is*. (*Outgrowing the Earth*, 2005). Hy sê ook dat stygende voedselpryse [en stygende waterpryse] "lewensbedreigend" vir die armes van die wêreld kan wees en "ekonomiese en politieke druk van 'n ongekende skaal kan veroorsaak ... mense wat nie in staat is om voldoende voedsel te koop om hul gesinne aan die lewe te hou nie, sal hul regerings verantwoordelik hou. Hulle sal waarskynlik die strate invaar en

ongeëwenaarde politieke onstabiliteit in stede van die Derde Wêreld veroorsaak... Die wêreld betree ongekende gebiede op die voedselfront en *staar probleme van so 'n enorme omvang in die gesig, dat dit alle probleme van die verlede sal verdwerg*" (*State of the World 1998*, bl. 17).

Hierdie verontrustende voedselsituasie is ook reeds lank gelede in Bybelprofesieë vermeld. Jesus Christus het voorspel dat wydverspreide "hongersnode" en "pessiektes" [siekte-epidemies], 'n teken sal wees dat Sy Wederkoms naby is (Mattheus 24:7; Markus 13:8; Lukas 21:11). Die apostel Johannes het een van die befaamde Vier Perderuiters van Openbaring gebruik om *skaarsheid* en *wydverspreide* voedsel*tekorte* te simboliseer, wat die einde van hierdie tydperk sal kenmerk (Openbaring 6:5-6). God het ook Sy uitverkore volk gewaarsku dat as hulle aan hul Skepper ongehoorsaam is, hul voedselbron ontwrig sou word en deur hul vyande geëet sal word – "julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet... As Ek vir julle die staf van die brood verbreek ... julle sal eet, maar nie versadig word nie" (Levitikus 26:16, 26; sien ook Deuteronomium 28:30-33, 50-52). Dit begin reeds *vandag* gebeur!

### Die energiekrisis

'n Derde noodsaaklike hulpbron wat strawwe wedywering en gewelddadige konflik veroorsaak, is olie. Olie is die lewensaar van ons moderne industriële wêreld. Dit voorsien brandstof aan meer as 90 persent van alle motors, busse, trokke, treine en vliegtuie op aarde. Dit verhit ons huise en besighede. Dit word gebruik om elektrisiteit op te wek, fabrieke aan te dryf en om plastiek, verf, kunsmis, insekdoders en dosyne ander produkte te vervaardig. Moderne militêre magte funksioneer op olie. Enige gebeurlikheid wat die vloei van olie na die geïndustrialiseerde nasies ontwrig, sal onmiddellike en katastrofiese gevolge hê. Sonder olie sal ons geïndustrialiseerde wêreld tot stilstand gedwing word. Omdat ons wêreld so afhanklik is van olie, het professor Michael Klare tot die gevolgtrekking gekom dat "petroleum uniek is onder die wêreld se hulpbronne ... dit het meer potensiaal as enige ander hulpbron om in die jare vorentoe grootskaalse krisisse en konflik te ontlok (*Blood and Oil*, Klare, bl. xi). Dit word duidelik as ons die onheilspellende neigings waarneem wat deesdae in die wêreld opbou.

Amerika was vir baie jare geseënd met voldoende olieneerslae. Voor die Tweede Wêreldoorlog, was Amerika die wêreld se voorste olieprodusent. Amerika se selfvoorsiende olie het ekonomiese groei en groter militêre oorheersing aangevuur. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog, het "Amerikaanse bronne ses uit elke sewe vate olie voorsien wat deur die geallieerde magte tydens die duur van die oorlog verbruik is" (Klare, bl. 10). Binnelandse produksie het egter in die sewentigerjare begin afneem en Amerika *voer nou* meer as *50 persent* van sy olie vanuit die buiteland *in*.

Vandag is die wêreld se grootste bekende olieneerslae – wat meer as 60 persent van die wêreld se olie bevat – in slegs vyf nasies rondom die Persiese Golf geleë: Iran, Irak, Koeweit, Saoedi-Arabië en die Verenigde Arabiese Emirate. Ander groot neerslae olie en gas kom voor in die sentrale Asiatiese nasies rondom die Kaspiese See, wie se lande deur land omring is. Pypleidings word benodig om die Kaspiese olie en gas aan die wêreldmarkte te lewer. Die ligging van die pyplyne – "naelstringe" van die geïndustrialiseerde wêreld – beteken miljoene dollars wins aan diegene wat daardie pypleidings bedryf. Een van die redes waarom Amerikaanse soldate in Afganistan is, is omdat die oliemaatskappye 'n pyplyn deur Afganistan na die Indiese Oseaan wil bou. Russiese troepe veg in Tsjegnië om beheer te behou oor die olieraffinaderye en bestaande pypleidings wat Kaspiese olie na hawens aan die Swartsee vervoer. Een van die redes waarom Amerikaanse troepe in Irak is, is omdat Irak groot hoeveelhede olie besit wat Amerika benodig. 'n Koalisie onder leiding van Amerika, het Saddam Hoessein uit Koeweit verdryf om die ononderbroke vloei van die Midde-Oosterse olie na die Weste te verseker. Amerika het militêre basisse rondom die Persiese Golf gevestig om die vloei van olie deur die Straat van Hormoes – die "Achilleshiel" van die globale ekonomie – te beskerm, want een vyfde van die wêreld se olie vloei daagliks daardeur. Amerika, Rusland en China vestig troepe en voer maneuvers uit in die sentraal-Asiatiese lande wat aan die Kaspiese See grens, om toegang tot die uitgebreide olie en gasneerslae in daardie streek te verkry.

Die profeet Joël het voorspel dat net voor Jesus Christus se Wederkoms, daar 'n tyd van groot

***Vervolg op bladsy 26***

# Vrae & Antwoorde

**Vraag: Jesus Christus het mense beskryf wat na 'n plek gaan wat "hel" genoem word, waar "hulle wurm nie sterf [nie]." Wat beteken dit? Is daar wurms in die hel wat vir ewig leef wat mense martel?**

**Antwoord:** Die Evangelie volgens Markus haal Jesus aan wat sê: "En as jou hand jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om vermink die lewe in te gaan, as om twee hande te hê en in die hel te gaan in die onuitbluslike vuur, waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie" (Markus 9:43-44).

Mense vertolk dikwels hierdie Skrifgedeelte waar Jesus uit die boek Jesaja aanhaal verkeerd. Sommiges glo dat dit 'n ewigbrandende vuur beskryf wat die verdoemdes eindeloos martel. Baie mense aanvaar dat die "wurm" verwys na die veroordeelde sondaar se gepynigde gewete wat hom tot in alle ewigheid martel.

Wat is dan die waarheid? Eerstens moet ons kyk na die woord wat in hierdie vers as "hel" vertaal is. Daardie woord is *gehenna* – 'n Griekse woord wat na die Dal van Hinnom net suid van Jerusalem verwys, waar afval gestort is om heeltemal verbrand en vernietig te word. Die liggame van tereggestelde misdadigers was ook in *gehenna* gegooi waar hulle deur die vuur verbrand of deur maaiers verorber is.

Wat van die "wurm"? *Strong's Exhaustive Concordance* verduidelik dat die "wurm" (in Grieks *skolex* en in Hebreeus *tola*) waarna verwys word 'n "gulsige maaier" is. Die lewensiklus van hierdie insekte is sodanig dat hulle nie as maaiers "doodgaan" nie – hulle word papies en daarna vlieë, wat weer eiers lê sodat dié weer maaiers word en die siklus herhaal.

Wat het dit alles met die lot van sondaars te doen? Jesus het uit Jesaja 66 aangehaal, wat vir ons die konteks van Sy waarskuwing gee. Jesaja 66 beskryf 'n toekomstige tyd wanneer "alle vlees [sal] kom om te aanbid voor My aangesig, sê die HERE" (vers 23). Vers 24 beskryf "die lyke van die mense" wat teen God oortree het en sê dan "hulle wurm sal nie sterwe en hulle vuur sal nie uitgeblus word nie". Jesaja het dit duidelik beskryf dat daardie lyke deur die maaiers verteer en deur die vuur verbrand sal word totdat dit heeltemal vernietig is. Die lyke sal nie vir ewig leef en ewigdurend gemartel word nie. Toe Jesus in Markus 9 hierdie vers aangehaal het, het Hy die algehele vernietiging van die sondaars beskryf – nie die ewige marteling nie.

Die *gehenna* vuur was aan die brand gehou deur die gereelde byvoeging van brandstof uit Jerusalem se afval – wat die liggame van tereggestelde misdadigers ingesluit het, want dit was as vervloek beskou en nie geskik vir 'n normale begrafnis nie (Josua 6:18; 7:11, 25). Enige afval wat in die vuur gegooi is, was verseker van totale vernietiging. Enige besoeker aan Jerusalem kan egter bevestig dat die *gehenna* vuur suid van Jerusalem nie meer deesdae brand nie. Toe daar niks meer was om te brand nie, het die vuur vanself uitgebrand.

Eweneens kan geen sondaar die gevolge van onboetvaardige sondes – die dood in die "poel van vuur" (Openbaring 20:14-15) – vryspring nie. Diegene wat Christus verwerp, sal vir ewig vernietig word, net soos die lyke in Jesaja 66 en Markus 9. Soos God vir ons sê: "Die siel wat sondig, dié moet sterwe" (Esegiël 18:4, 20). Siele sal vir ewig sterf in die poel van vuur, waar diegene wat God se gawe van die ewige lewe verwerp, hul ***ewige straf*** sal ontvang – nie ***ewigdurende straf*** nie – omdat hulle teen Hom gerebelleer het. Hulle sal as word, soos ons in Maleagi 4:3 lees. As brand nie vir ewig nie, net so ook nie die siele van hulle wat vir ewig vernietig is nie.

Satan is woedend teenoor God, omdat hy weet dat hy bestem is vir die poel van vuur. Hy doen nou sy uiterste bes om alle mense te oortuig dat hulle ***van nature*** onsterflikheid besit, ***eerder as dat hulle dit as 'n toekomstige geskenk sal kan verkry, wat God aan Christene met die opstanding belowe het***. As Satan met hierdie misleiding kan slaag, kan hy die mensdom se begrip van God se liefde, Sy geregtigheid en Sy ware plan vir die mensdom verdraai, sodat hulle dit nie kan verstaan nie. Moenie dat u ook mislei word nie – bestudeer u Bybel en bewys die waarheid aan uself! WvM

# Profesie neem

## Duitsland herrys

Tydens die afgelope 20 jaar, het dramatiese veranderinge in Europa plaasgevind. Die Berlynse muur wat Oos- en Wes-Duitsland geskei het, is afgebreek. Die Sowjet-Unie het verbrokkel, wat 'n einde aan die Koue Oorlog gebring het. Dit het Duitsland in staat gestel om te verenig, wat sodoende 'n kragtige nasie van 80 miljoen mense in die hart van Europa tot stand gebring het.

Hierdie snel-opeenvolgende gebeure het die hele aangesig van die vasteland verander wat sombere gevolge vir die toekoms inhou. Baie mense verstaan dat daar groot geo-politiese veranderinge in Europa plaasvind. Slegs 'n paar mense besef egter dat hierdie gebeure reeds duisende jare gelede deur Bybelprofesie voorspel is!

Bybelprofesie dui daarop dat Duitsland, wat die wêreld twee keer in die 20ste eeu in oorlog gedompel het, sal voortgaan op sy pad om die magtigste nasie in Europa te word. U Bybel wys dat hierdie nasie nog een poging gaan aanwend om die vasteland – en die wêreld – te oorheers. Dit sal plaasvind net voor Jesus Christus se Wederkoms na die aarde om die Koninkryk van God hier te kom vestig. Die toneel is nou besig om gereed gemaak te word vir die klimaks van hierdie eindtydse gebeure!

**Agter die skerms**

Die Europeërs, wat steier onder die gevolge van twee wêreldoorloë die afgelope eeu, probeer om vrede en eenheid vir die toekoms te verseker deur hul nasionale onafhanklikheid af te staan aan 'n sentrale gesag in Brussel. Die hedendaagse idee van 'n Europese Unie is bedink deur 'n paar Rooms-Katolieke denkers, insluitend die Franse (Jean Monnet en Robert Schuman), 'n Belg (Paul-Henri Spaak) en 'n Italianer (Alcide de Gasperi). Britse en Amerikaanse leiers het die idee van 'n verenigde Europa ondersteun, onder die indruk dat, indien Duitsland stewig gebonde is aan 'n Europese konfederasie, dit nie weer as 'n gevaarlike mag kon herrys nie (*The United States of Europe*, Reid, bl. 36-37). Franse amptenare het verkies om aan 'n verenigde Europa te dink in terme van die beeldspraak "die bekwame Franse ruiter wat die kragtige Duitse perd beheer en stuur" (*The Question of Europe*, Gowan & Anderson, bl. 77).

Die gebeure van die afgelope twee dekades het egter nie uitgewerk soos baie mense verwag het nie. Die Duitse perd het sy krag herwin, sy Franse ruiter afgegooi en koers gekry Berlyn toe! Die beplanners van 'n verenigde Europa het dit nie sien kom nie en hulle het skaars 'n idee van wat voorlê.

Die grondslag vir 'n hedendaagse Europese Unie is gelê pas na die Tweede Wêreldoorlog met die Europese Steenkool- en Staalgemeenskap. Dit was 'n Duits geïnspireerde plan om die steenkool- en staalbronne van Frankryk, België en Wes-Duitsland as 'n eenheid te bedryf. Dit was nie 'n nuwe plan nie; Duitsland het reeds twee keer vantevore so 'n eenheidsadministrasie tot eie voordeel in werking gestel – danksy verowerings in twee wêreldoorloë (sien Gowan & Anderson, bl. 86). Die moderne idee van 'n federale Europa wat 'n gemeenskapsmark beheer, weerspieël ook die idees van Albert Speer, 'n hoof Nazi-ekonomiese beplanner wat die Europeërs gewys het "hoe straffend Duitse ekonomiese voorrang kan wees" (*ibid.,* bl. 88).

Die verskyning van Duitsland as Europa se leidende nasie was vir 'n geruime tyd in die pyplyn. Die eenwording het Duitsland die nasie met die grootste bevolking in Europa gemaak. Europa se geldeenheid, die euro, is wesenlik die *deutschemark* met 'n ander naam. Die Europese Sentrale Bank is in Frankfurt geleë. Met die derde grootste ekonomie in die wêreld, is Duitsland die ekonomiese kragbron van Europa, wat 'n kragtige ekonomiese skadu oor Oos-Europa werp. Die EU se ooswaartse uitbreiding is hoofsaaklik 'n Duitse projek. Duitsland het baie belê in die Galileo satelliet navigasiestelsel, wat 'n einde sal bring aan Europa se afhanklikheid van navigasie-

# gestalte aan

satelliete wat deur die Verenigde State beheer word. Duitsland se weermag word algemeen beskou as "die beste, bes opgeleide en magtigste in Wes-Europa" (*The Europeans*, Barzini, bl. 99). 'n Belangrike keerpunt het in 2001 gekom toe Duitsland se gewapende magte vir die eerste keer sedert die Tweede Wêreldoorlog *buite* hul grense (met magte van die Verenigde Nasies in Serwië) geveg het. Teen die einde van 2002 het Duitsland wêreldwyd *meer* 'vredesmagte' in die veld gehad as enige ander Europese mag" (*Superstate,* Haseler, bl. 178-179).

**Duitsland se toekoms**

Waarop stuur Duitsland dan af? Ontleders erken dat 'n herrese Duitsland "nie gewillig is om vir altyd 'n ekonomiese reus maar 'n militêre wurm te bly nie" (Reid, bl.178). Toe die Verenigde State besig was om voor te berei vir sy inval van Irak in 2003, het Duitsland 'n ander gewigtige keerpunt bereik. Kanselier Gerhard Schroeder het die VSA se beleid *afgekeur* en kant gekies saam met Frankryk om die VSA se invalsplanne *teen te verydel* – hulle het die VSA teengestaan na bykans 50 jaar van noue samewerking (*ibid.*, bl. 7). Duitsland het toe die *leiding geneem* om by ander Europese nasies aan te dring dat hulle planne moet aanvaar vir 'n Europese weermag wat onafhanklik van die Amerikaans-geleide NAVO is. Duitsland se geneigdheid om skielik koers te verander, is reeds vantevore waargeneem (sien *The Europeans*, Barzini, hoofstuk 3).

Hierdie na-oorlogse bondgenoot van Amerika word nou beskou as 'n *potensiële mededinger*. Soos Zbigniew Brzezinski, eertydse Nasionale Veiligheidsraadgewer in die Carter Administrasie opgemerk het, sal 'n "toenemend kragtige Duitsland die moeilikste wees om te hanteer" (*The Grand Chessboard*, Brzezinski, bl. 63). Selfs Frankryk, wat ook eens beskou is as deel van Europa se binnekring, het begin om bondgenote te soek om Duitsland se groeiende invloed in Europa teen te werk. Europa ondervind nou 'n opwelling in nasionalisme, wat teweeggebring word deur die intog van immigrante uit die Suide en Ooste, en regeringselite se pogings om meer onafhanklikheid af te staan aan die EU burokrasie. As hierdie kragte die "slapende reus" van Duitse nasionalisme wakker maak, sal die gevolge ernstig wees (sien Gowan & Anderson, bl. 83-84).

Bybelprofesie wys dat Duitsland 'n prominente rol op die wêreldtoneel gaan speel net voor Jesus Christus se Wederkoms na hierdie aarde. Die Bybel gebruik hierdie nasie se antieke naam – *Assirië* (vir meer inligting oor Duitsland se plek in Bybelprofesie, skryf asb. vir ons gratis herdruk artikel, *'n Vierde Ryk*?). Die Skrif wys dat tien nasies in Europa hul onafhanklikheid sal afstaan aan 'n herleefde weergawe van die Romeinse Ryk (Openbaring 17:12-18). Hierdie "diermag" sal bygestaan word deur 'n vooraanstaande geestelike leier en organisasie wat bande met Rome het (Daniël 7:24-25; Openbaring 13:11-18). Die leiers van hierdie "herleefde" diermag (wat ook genoem word "die koning van die Noorde") sal ware Christene vervolg. Hierdie mag sal Israelitiese nasies straf wat God se weë verlaat het (Amerika, Brittanje en ander nasies van noordwes Europese afkoms). Dit sal ook militêre operasies in die Midde-Ooste en teenmagte noord en oos op die Eurasiese vasteland loods (sien Daniël 11:40-45; Hosea 11:1-11). Die Bybel identifiseer Assirië – moderne Duitsland – duidelik as die leidende nasie van hierdie eindtydse diermag. Hedendaagse Duitsland is inderdaad besig om 'n plek op die wêreldtoneel in te neem wat in ooreenstemming is met wat die Bybel lank reeds voorspel het.

Hierdie Duits-geleide konfederasie sal egter net vir 'n kort tydperk mag hê. Bybelprofesieë wys dat die terugkerende Jesus Christus hierdie finale fase van 'n herleefde Romeinse Ryk na 3½ jaar sal verpletter (Daniël 2:44-45; Jesaja 10:12-17; 14:24-27). Nadat die Messias die Koninkryk van God op hierdie aarde gevestig het, sal die nasies begin om die weg na vrede te leer. Die Duitse nasie sal hul baie gawes en talente aanwend tot diens van die mensdom en sal 'n leiernasie in die Wêreld van Môre word – namate meer profesieë *gestalte aanneem* (Jesaja 19:23-25).

*—Douglas S. Winnail*

*Vervolg vanaf bladsy 18 — Die ontbrekende "B" woord*

Dan sal daar geen argumente wees nie – 'n mens sal nie kan *wegkom* van die duidelike, konsekwente voorbeeld wat Jesus, die Apostels en die hele Kerk van God vir honderde jare gestel het nie, totdat **heidendom** die naam van belydende Christenskap oorgeneem het en net 'n paar klein groepe ware Christene oorgebly het! Daardie "afval" is *baie keer* in die Nuwe Testament voorspel (sien Handelinge 20:29-31; 2 Thessalonicense 2:3-12; Judas 3-4). Dit is waarom die apostel Johannes geïnspireer is om te skryf oor "die duiwel en Satan, wat die **hele wêreld** *mislei*" (Openbaring 12:9).

Mag God elkeen van ons help om bereid te wees om *ten volle oor te gee* om die wil van ons Skepper te doen en om Sy *gebooie te onderhou*. Deur dit te onderhou, bring waarlik 'n *wonderlike* leefwyse mee! Ons moet **nie** bang wees vir die ontbrekende "B"-woord nie! Ons moet ons aan die begin van ons Christenlewens *bekeer* en *aanhou* bekeer en **toeneem** in genade en in kennis, ons hele lewe lank. God se Woord sê vir ons: "Maar julle moet **toeneem** in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus" (2 Petrus 3:18). Slegs *dan* kan u die hulp van God se Heilige Gees ontvang en besit "wat God gegee het aan die wat Hom **gehoorsaam** is" (Handelinge 5:32). Slegs *dan* sal u waarlik die *leefwyse* leer en beoefen wat u sal voorberei vir diens in Christus se eerskomende Koninkryk wat *op hierdie aarde* gevestig gaan word (Openbaring 5:10). WvM

*Vervolg vanaf bladsy 22 — Hulpbron-oorloë lê voor!*

skaarste sal wees. Net soos olie – olyfolie – noodsaaklik was vir die ekonomie van antieke Israel, so is vandag se olie – petroleum – noodsaaklik vir ons moderne ekonomie. Net soos antieke Israel 'n tyd van groot skaarste ondervind het – 'n tyd toe "die olie verdwyn [het]" (Joël 1:10), so sal ons moderne nasies ook 'n vervulling van hierdie tweeledige profesie beleef. Die profeet Hosea waarsku ook dat die Israelitiese nasies sal afwyk van die Here en die God sal vergeet wat die hulpbronne vir hulle gegee het (Hosea 1:2; 2:8). Hulle sal afhanklik word van uitlanders wat hulle uiteindelik in die steek sal laat en teen hulle sal draai (Hosea 2:5-6; Jeremia 4:30; 30:14). Moses het ook gewaarsku dat, sou die Israeliete God ongehoorsaam wees, 'n buitelandse mag hul *hulpbronne sal verteer* en "*vir jou geen koring, mos of olie ... sal laat oorbly*" nie (Deuteronomium 28:50-51). God waarsku dat as gevolg van die Israeliete se ongehoorsaamheid, Hy hulle trotse mag sal verbreek en dat "julle haters oor julle sal heers", met die gevolg dat "julle paaie verlate sal wees" en "julle sal voor julle vyande *nie kan standhou* nie" (Levitikus 26:16-19, 22, 37). Omdat Amerika, Brittanje en die ander Israelitiese nasies so afhanklik geword het van ingevoerde buitelandse olie, sal ons hoofweë verlate en ons vermoë om wêreldwyd militêre operasies uit te voer, geweldig gekortwiek word wanneer olieuitvoerders pryse drasties verhoog of die vloei van olie verminder of afsny.

Bybelprofesieë skets 'n eindtydse scenario wat in *werklikheid vandag reeds ontplooi*! Die profeet Daniël onthul dat die koning van die suide ['n Moslemse federasie] "in die tyd van die einde" die koning van die noorde ['n Europese moondheid] sal aanval (Hebreeus *nagah* – "stamp of stoot teen"). Hierdie koning van die noorde sal 'n teenaanval loods en sal baie lande in die suide oorrompel. "En hy [die koning van die noorde] sal mag hê oor die skatte van goud en silwer en oor *al die kosbaarhede* van Egipte, terwyl die Libiërs en die Kusiete sy voetstappe volg" (Daniël 11:40-43). Die kosbaarhede van Egipte en Libië sluit *noemenswaardige neerslae olie en natuurlike gas* in.

Bybelprofesieë toon duidelik dat dodelike konflikte oor noodsaaklike hulpbronne 'n beduidende faktor in internasionale betrekkinge sal word, namate ons die einde van die tyd nader. Konflik oor olie kan uitbars in die onbestendige en hoogs-onstabiele oliestreke van die Persiese Golf en die Kaspiese See, of in die Suid-Chinese See. Konflikte oor water of voedsel kan uitbars waar tekorte ook al opduik. Hierdie gebeure sal u lewe raak in die jare wat voorlê. Die Bybel onthul dat slegs die goddelike ingryping van Jesus Christus 'n einde kan maak aan die toenemende oorloë oor kwynende hulpbronne (Mattheus 24:21-22). Sal *u* gereed wees vir daardie gebeurlikheid wat binnekort voorlê? WvM

***Vervolg vanaf bladsy 7 – Leef u volgens wat Christus onderrig het?***

tyd vir die laaste en algemene opstanding" (bl. 403).

Diegene van ons wat die Bybelse Sabbat onderhou word gedurig herinner aan die *uiteindelike* "rus" wat God aan Sy mense sal gee – die komende duisendjarige heerskappy van Christus as "Koning van die konings" oor hierdie aarde (Openbaring 19:16), en ewige lewe in die Koninkryk van God.

In teenstelling aanvaar diegene wat die heidense "dag van die son" en jaarlikse heidense vakansiedae onderhou – wat so kunstig in die wese van belydende "Christendom" ingeweef is – 'n *heeltemal verskillende* begrip van Christus en God. Hulle leer om God se **bevel** om die sewendedag Sabbat as "heilige tyd" te onderhou te minag en is nie in staat om die geestelike lesse te leer wat dit behels nie. Deur *na te laat* om die ware Bybelse Heilige Dae van God te onderhou, verstaan hulle *nooit* ten volle die groot Plan van God, wat onthul en ingeoefen word deur Sy beveelde Heilige Dae nie. Gelowiges in "algemene Christendom" word gewoonlik geleer dat hulle "hemel toe sal sweef" met *niks* om daar te doen nie! Soos geskiedkundige Gibbon egter verduidelik, het vroeë Christene uitgesien daarna om deel te wees van daardie "seëvierende groep heiliges" wat *hierdie wêreld sal regeer* onder Jesus Christus vir die duisendjarige "Sabbat" van die Millennium! *Dit* was hul doelwit – **nie** om hemel toe te sweef nie! Die apostel Johannes onthul aan ons die "gebed van die heiliges" in hierdie woorde: "U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons *konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde* ***heers***" (Openbaring 5:9-10).

Êrens op aarde vandag is die *ware* "Kerk van God" – wat *talle kere* in die Nuwe Testament die "gemeente van God" genoem word. Die lidmate van hierdie Kerk *verstaan wel* die ware *betekenis* van die lewe. Hulle *word* geleer en voorberei om daardie konings en priesters te wees onder Jesus Christus in die Wêreld van Môre. Dit het so gebeur dat *u* in aanraking gebring is met die ware Kerk van God deur hierdie einste tydskrif te lees – gepubliseer deur die Lewende Kerk van God waarvan die hoofkantoor in Charlotte, North Carolina, VSA is.

Indien God u gedagtes open en u graag wil *reageer* op die kosbare Waarheid wat Hy onthul, skryf gerus vir ons of skakel ons, ons is ook deur die Internet bereikbaar, en versoek gerus 'n besoek op die tyd en plek wat vir *u* gerieflik is. Ons het leraars of opgeleide verteenwoordigers in bykans elke deel van die wêreld en *ons sal u nie* "druk" om *enigiets* te doen of aan te sluit nie.

Ter afsluiting, indien u verdere geskrewe *dokumentasie* en *bewyse* wil hê oor God se Heilige Dae, oor die ware Christensabbat of oor die algehele begrip van die herstel van die Christenskap van die Apostels, versoek gerus ons gratis boekies *Die Heilige Dae – God se Meesterplan*, *Watter dag is die Christelike Sabbat?* en *Hervestig die Christenskap van die Apostels*. Dit sal absoluut gratis aan u gestuur word, sonder enige verpligting. Skakel, skryf, faks of epos bloot ons streekkantoor by die adres op bladsy twee van hierdie tydskrif.

Mag God u die *begrip*, die *geloof* en die *oortuiging* gee om die nodige te doen om uself aan Hom te betoon as iemand wat *waarlik* begeer om in Sy ewige koninkryk te wees en die *doel* te vervul waarvoor Hy u geskape het! WvM

***Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik***

Die sewedag week verteenwoordig dus God se 7 000 jaar plan. Ses dae van die week verteenwoordig ons huidige menslike samelewing wat gevolg word deur die duisend jaar van Christus se heerskappy as Koning van konings (Openbaring 11:15). Edward Gibbon skryf in sy wêreldbekende geskiedskrif *The Decline and Fall of the Roman Empire*: "Die antieke en gewilde leerstelling van die Millennium was ten nouste verbind met die Wederkoms van Christus. Soos die werk van die skepping in ses dae voltooi is, is hul voortbestaan in hul huidige staat vasgestel op sesduisend jaar, volgens 'n tradisie wat aan die profeet Elia toegeskryf word. Deur dieselfde analogie word afgelei dat hierdie lang tydperk van arbeid en stryd, wat nou byna verstryk het, opgevolg sal word deur 'n vreugdevolle Sabbat van duisend jaar, en dat Christus saam met die triomfantlike groep heiliges en uitverkorenes wat die dood vrygespring het of wat wonderbaarlik opgewek is, op die aarde sal heers tot die tyd wat bepaal is vir die laaste en algemene opstanding" (Vol.1, bl. 403).

Gibbon verduidelik voorts hoe hierdie leerstelling wat deur die vroeë Kerk van God onderrig is, geleidelik "opsy geskuif" en uiteindelik

*mee weggedoen is* deur die leiers van die veranderende Rooms-Katolieke kerk. Namate hulle baie van God se wette en leringe verwerp het, het hulle ook hierdie *grondliggende leerstelling* verwerp, wat hulle sou help verstaan waarom dit voorkom asof die mensdom vir die afgelope 6 000 jaar van God afgesny was, maar uiteindelik deur die Skepper gered en vir 'n duisend jaar Sy weë geleer sal word! Dit is 'n *wesenlike* deel van die ware "Evangelie" – wat "Goeie Nuus" beteken! Watter *wonderlike* goeie nuus is dit nie! En wat 'n tragedie, *menslik gesproke*, dat dit vergruis is deur die ydelheid en verstandelike arrogansie van misleide belydende "Christenleiers" net voor die aanvang van die "Middeleeue."

Daarbenewens weet bykans alle geskiedskrywers en diegene wat Bybeltydberekening bestudeer, dat Christus ongeveer 4 000 jaar na die skepping van Adam gebore is, en dat ongeveer 2 000 jaar verbygegaan het sedert Christus se tyd. Dit kom neer op 'n totaal van bykans 6 000 jaar – of ses duisendjarige dae – van Adam se tyd af.

Die meeste Bybeltydberekenaars besef dat die einde van die 6 000 jaar sedert Adam *om en by* die jare 2015-2025 sal wees. **Onthou** ook: Daar is 'n Groot Verdrukking van 3½ jaar voorspel om plaas te vind *net voor* Christus se Wederkoms! Bogenoemde datums dui dus op 'n *benaderde* aanvangstyd van die Verdrukking so vroeg soos die lente van 2015 in die Noordelike Halfrond. Dit is *nege jaar* van nou af waar ek nou hier skryf. En selfs hierdie tydperk kan "verkort" word. Dit is dus nodig dat ons *almal werklik na aan God kom* en volgens hierdie Waarheid **handel!**

Die doel is egter nie om 'n *presiese datum* daar te stel nie. Hierdie feite en syfers moet ons eerder help om te besef dat ons uiteindelik 'n besliste einde nader van die tyd dat die wêreldse samelewing ***net bly voortgaan*** op die pad waarop dit altyd was. Trouens, die meeste van ons wat vas in die Bybel glo, besef dat die menslike samelewing al *slegter* en slegter word namate meer afskuwelike en ontaarde sekspraktyke na vore tree, namate meer geweld en brutaliteit regoor die wêreld plaasvind en die mens toenemend afgryslike wapens van massavernietiging ontwerp – *en binnekort gaan gebruik*.

Alle ware, Bybelgelowige Christene moet dus ten volle besef dat, ja die "einde is in sig!" Ons kan dit doen *sonder* om 'n presiese datum daar te stel. Ons kan dit doen *sonder* om histeries of vreesbevange te wees, want toe Jesus Christus 'n aantal eindtydse gebeure beskryf het, het Hy aan Sy dissipels gesê, "En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is" (Lukas 21:28).

Ons moet werklik dankbaar en erkentlik wees dat Christus se Wederkoms eersdaags gaan plaasvind! God se Woord maak dit egter baie duidelik dat Hy nie Sy Heilige Gees – *of geestelike insig* – gee aan diegene wat aan Sy gebooie *ongehoorsaam* is en Hom volgens hul *eie* idees en teorieë wil aanbid nie. Aan die einde van die Apostoliese tyd was die apostel Johannes deur God geïnspireer om te skryf, "Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie" (1 Johannes 2:4). Iemand "ken" of verstaan God en Sy weë nie werklik nie, tensy hy of sy bereid is om God se Tien Gebooie uitdruklik as leefwyse te *gehoorsaam* nie! Alhoewel baie geestelikes net oor "liefde" wil praat, *verstaan* hulle gewoonlik ***totaal mis*** waaroor ware geestelike liefde werklik gaan. God se Woord sê trouens vir ons, "Want dit is die liefde tot God, *dat ons sy gebooie bewaar*; en sy gebooie is nie swaar nie" (1 Johannes 5:3).

Mense het Christus se Wederkoms reeds vantevore voorspel, maar *hierdie keer* – aan die einde van 6 000 jaar van menslike onrus – is dit ***werklik*** anders! Christus se Wederkoms ***sal*** binne *hierdie geslag* plaasvind! God wil werklik hê dat *u* hierdie kosbare kennis moet verstaan en dat u dienooreenkomstig moet optree deur u verstande en harte en lewens in geheel tot Hom te keer. God wil hê dat u bereid sal word om Sy leefwyse te gehoorsaam, betrokke te raak by diegene wat Hom *waarlik* dien en ***aktief sal voorberei*** om 'n koning en priester te word in die manjifieke regering van God wat ***binnekort*** op hierdie aarde gevestig gaan word!

